


1:77

# Matieland

MATIE-  
land



21e Bestaansjaar



# Die Stellenbosch- Boerewynnmakerye

Waar wyne groot word.






NOMMER EEN  
JAARGANG 21  
APRIL 1977

# Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTÉ EN DONATEURS  
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH  
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING  
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:


Redaksioneel en Fokus	3
Matieland mondig	4
Nog 'n goeie jaar vir U.S.	6
Dag van beloning	8
Eredoktorsgrade	10
Ma presteer	12
'n Rusplek vir Oud-Maties	13
Deurbraak vir Tennis aan U.S.	14
Toeka se Maties weer saam	16
Prof. Thom lei Konvokasie	20
Maties se sportoese geil	21
De Kock lei nuwe kursus	22
Bekendes span uit	24
Taalinstiutuut bring groot name byeen	25
Nog 'n gedenkskenking	26
Johan de Villiers weet waarheen	28
Koor se program vir toer	30
Skakelkomitee vergader	31
Honoris Crux vir Matie	33
Volksfeeste onder die loep	34
Oud-Matie vir S.A.U.K. na Londen	37
Van ons donateurs	38
Aanstellings en bevorderings	40
Fotovaria	42
In Memoriam	45
Volgehoue steun aan U.S.	46



Sy ideaal bring  
deurbraak in  
tennis aan U.S.  
- bl. 14




Landbouman  
van die Jaar -  
bl. 37.



Die Maties se  
jongste Bok -  
bl. 42.

VOORBLAD:  
'n Paar van die  
uitgawes van  
Matieland  
sedert 1957.  
Vanjaar is dié  
blad 21 jaar  
oud. (Foto en  
ontwerp:  
Johan  
Stander)

# Die boek wat u voete kielie om te reis.



**SAL**   
Suid-Afrikaanse Lugdiens  
Waar almal huisvoel

Rontoer, Posbus 8211, Johannesburg. 2000.

Dit klink lekker. Stuur my asb. die nuwe Kies 'n Toer-boek

NAAM .....  
  
ADRES .....  
  
.....  
  
.....

Mense nee, dis te veel om op te noem. U moet liewers ons Kies 'n Toer-boek kry en self sien hoeveel reiswaarde ons vir u geld aanbied. Nog net 'n laaste lusmakertjie. Met ons Vlieg Nou, Betaal Later-plan het u net 'n deposito van 10% nodig om al die pret werklik te probeer. Pos sommer nou die koepon om u gratis Kies 'n Toer te ontvang, of kry een by u naaste reisagent of SAL-kantoor.

# REDAKSIONEEL

Dié uitgawe van Matieland waaraan u pas begin lees het, is nog 'n glorieryke bladsy in die roemryke geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch.

Matieland – amptelike mondstuk van die oudste Afrikaanse Universiteit in Suid-Afrika – betree vanjaar sy 21e bestaansjaar. Vir almal wat deur die jare saam met die U.S. gewerk en beplan het, is die verskyning van hierdie uitgawe 'n belangrike en trotse gebeurtenis.

Hiermee word 'n mylpaal bereik wat die gekoesterde ideaal is van elke redakteur van watter universiteitspublikasie ookal, om dan nie eens te praat van andersoortige publikasies nie.

Matieland het sy buiging in April 1957 gemaak met wyle prof. C. R. Kotzé, hoof van die destydse Inligtingsburo, as eerste redakteur. Die uitgawe van Desember verlede jaar was die 60e sedert daardie jaar.

Die eerste uitgawe het bietjie anders gelyk as wat nou die geval is – die formaat was ietwat kleiner, daar was geen kleur op die voorblad behalwe wat in die mafhoof gebruik is nie, en in die ganse uitgawe was daar net vyf foto's. Maar, sy doel was toe reeds baie duidelik: Matieland sal 'n blad wees vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch. Dit sal dien as skakel tussen die Alma Mater en sy oud-studente asook ander vriende en weldoeners.

Die sukses en groei wat Matieland tot met sy mondigwording vanjaar geniet het, sou nie moontlik gewees het as daar nie deur die jare staat gemaak kon word op die treffende en tasbare ondersteuning van die kant van Oud-Maties en ander nie.

Met só 'n vriendekring het Matieland gebлом. Die eerste uitgawe in 1957 se versendinglys het 6 500 name op gehad – hierdie uitgawe sal nie minder nie as 29 000 Oud-Maties, donateurs en vriende van die U.S. bereik, nie alleen in die Republiek nie, maar ook in Suidwes-Afrika, Rhodesië, swart buurstate en talle lande oorsee. Teen Desember sal dié syfer reeds verby 30 000 skuif. Die blad se geraamde lesertal is in die omgewing van 155 000 . . . inderdaad voortreffelike groei.

\* \* \* \* \*


Die rugbyseisoen in Suid-Afrika sonder die kragmeting tussen Maties en Tukkies sou nooit weer dieselfde gewees het nie.

'n Paar weke gelede was dit alles behalwe 'n uitgemaakte saak dat dié wedstryd sou plaasvind, maar die twee universiteite se rugbyadministrateurs het die land se rugbypubliek in gedagte gehou.

Dié manne moet gelukgewens word dat hulle die vyfde agtereenvolgende jaar hierdie baie belangrike kragmeting tussen twee van die sterkste klubs in Suid-Afrika kon reël.

Daar moet op gelet word dat dit inderdaad 'n klubwedstryd is. Om daarna te verwys as 'n Intervarsity tussen Maties en Tukkies is verkeerd. 'n Intervarsity in die ware sin van die woord kan dit nooit wees nie, hoofsaaklik weens die groot afstand wat die twee universiteite skei. Die afstandsfaktor bring mee dat studente van die twee universiteite nie elke keer ten volle daaraan kan deel hê nie en geen student wil 'n eensydige Intervarsity bywoon nie.

# FOKUS



'n Rapsie minder as drie jaar gelede het hierdie jong Matie rugbygeesdriftiges aan die praat gehad met sy skitterspel op losskakel en die afgelope maande was hy weer in die kalklig as gevolg van sy uitmuntende prestasies met die krieketkolf.

Peter Kirsten, tweedejaarstudent in liggaamlike opvoeding aan die Universiteit van Stellenbosch, het in die 1976 Curriebekerseisoen 967 lopies met die kolf aangeteken. As die geluksgodin net effens breër vir hom geglimlag het, het hy die rekord van 1 089, wat deur die Nataller, Barry Richards gehou word, verbygesteek. Hy het egter die jongste kolwer geword – hy is maar 21 – wat ses honderdtalle in sewe beurte kon slaan. Geen speler ter wêreld het dit nog in eersterangse wedstryde vermag nie. Hy het ook die eerste Suid-Afrikaner geword wat naas Mike Procter ses honderdtalle in sewe of minder beurte kon slaan.

Die beskeie Kirsten is in Pietermaritzburg gebore en sê hy het sy sporttalent van sy ouers geërf. Sy vader, Noel – hy is ingenieur in Kaapstad – het vir Grens krieket en hokkie gespeel en sy moeder, Louis, het Grens op die tennisbaan verteenwoordig.

Kirsten het reeds as skoolseun op sportgebied uitgeblink. In 1973 toe hy op SACS in matriek was, het hy vir die W.P. in die Cravenweek losskakel gespeel en sy spel was van so'n gehalte dat Dok Craven na hom verwys het as 'n "jong Bennie Osler". Hy het ook van 1971 tot 1973 Nuffieldkrieket gespeel.

Tydens sy militêre opleiding in 1974 is hy gekies om vir die Kwaggas teen die Britse Leeus van Willie-John McBride te speel. Dit was 'n koue Donderdagmiddag in Julie op Ellispark en Kirsten het die reuse skare van 64 000 kort-kort gillend op die been gehad met sy systappies, breekslae en skoppe –veral die skepdoel van oor die 50 meter sal nog lank onthou word.

Sy belowende rugbyloopbaan is tydelik beëindig toe hy op 10 Julie 1974 in 'n Curriebekewedstryd vir W.P. teen Transvaal beseer is.


Sedertdien het hy op krieket gekonsentreer en die rekordboeke is daar om die verhaal van Peter Kirsten met die kolf te vertel.

Hy sê hy is ewe lief vir rugby en krieket maar is nog "ietwat lugtig vir my knie" wat rugby betref.

# Matieland



*Mnr. Topper Conradie het 14 uitgawes behartig.*



*Mnr. Louis Wessels het 'n nuwe joernalistiese tradisie geskep.*



*Prof. Bun Booyens – sy rubriek was baie gewild.*

**"Dit is vir die Universiteit van Stellenbosch 'n genoeë om na onderbreking van tien jaar weer 'n blad vir oud-studente en welfdoeners die lig te laat sien".**

Dié sin, onder die opskrif "Hiermee maak MATIELAND sy buiging", het die begin van 'n nuwe era vir die Universiteit van Stellenbosch ingelui. Dit was die komst van Matieland in April 1957.

Na 'n onderbreking van tien jaar was daar weer 'n skakelblad vir oud-studente en welfdoeners van die Universiteit. Matieland het gekom in die plek van die Stellenbosse Oudstudent wat na 'n eervolle bestaan van 16 jaar in 1947 van die toneel verdwyn het. En vanjaar is Matieland, die amptelike mondstuksel van die U.S., mondig.

Hierdie is die 61e uitgawe van Matieland en agt redakteurs was verantwoordelik vir 58 uitgawes.

Die eerste redakteur, prof. Christiaan Kotzé, wat destyds hoof was van die Inligtingsburo, het net die een uitgawe behartig waarna hy hoof geword het van 'n korrespondensiekollege in Johannesburg. Toe hy in 1972 oorlede is, was hy hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die bekende digter en huidige hoogleraar in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand, prof. Ernst van Heerden, was die tweede redakteur van Matieland. Hy het van Augustus 1957 tot Desember 1959 die blad uitgegee voordat hy die volgende jaar by Wits aangestel is.

Mnr. Piet Lombard, tans direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., het die April-uitgawe in 1960 behartig – hy was toe hoof van die Inligtingsburo.

Die bekende prof. Bun Booyens het die leisels by mnr. Piet Lombard oorgeneem en is destyds vir sy oorspronklike benadering geprys. Sy rubriek, "Só onthou ek Matieland" en "Só bou hulle Matieland" het onmiddellik die aandag getrek en was baie gewild. Prof. Booyens is op die oomblik hoof van die departement Afrikaanse kultuur en volkskunde aan U.S.



*Mnr. Piet Lombard was verantwoordelik vir die April-uitgawe in 1960.*

# mondig

Na twee jaar as redakteur van Matieland, is hy opgevolg deur mnr. R. P. (Topper) Conradie, huidige registrator (akademies). Ten tyde van sy redakteurskap was hy die persoonlike assistent van die Rektor en het 14 uitgawes van Matieland behartig.

Die man wat daarmee kan spog dat hy tot dusver die langste termyn – sewe jaar – as redakteur agter die rug het, is mnr. J. J. (Koos) Oosthuysen. Hy het op 1 Januarie 1967 die persoonlike assistent van die Rektor en terselfdertyd ook redakteur van Matieland geword.


'n Gesoute koerantman in die persoon van mnr. Louis Wessels, het na mnr. Oosthuysen die redakteurskap van Matieland oorgeneem. Met meer fondse en sy joernalistiese agtergrond kon hy die blad in 'n nuwe gedaante laat verskyn – onder meer is die formaat vergroot, die uitleg was meer soos dié van 'n nuustydskrif en die voorblad het in kleur verskyn.

Die drie uitgawes waarvoor hy in 1974 verantwoordelik was, is van oraloor groot lof toegeswaai. Mnr. Wessels is tans redakteur van die toonaangewende sporttydskrif, Topsport.

Hy is opgevolg deur dr. Ronnie Belcher, 'n man wat hom as digter en skrywer onderskei het. Voordat hy by die U.S. in diens getree het, was hy hoof van die departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy het op die stewige grondslag wat deur sy voorgangers gelê is, voortgebou en was as redakteur verantwoordelik vir vier spog-uitgawes van Matieland.

Dr. Belcher is in Julie verlede jaar aangestel as heetlydse bestuurder van die Universiteitskoor Stellenbosch.

Die ondersteuning van Oud-Maties en donateurs, en die leiding van agt bekwame redakteurs het Matieland gebring waar hy vandag is. Matieland sal voortgaan om oud-studente en ander goedgesindes op hoogte te hou van dit wat op Stellenbosch gebeur, en verslag te doen oor die prestasies en vordering van Oud-Maties.



Prof. Ernst van Heerden was twee jaar redakteur.




Mnr. Koos Oosthuysen – tot dusver die langste in die redakteurstoel.



Prof. C. R. Kotzé – hy het die eerste uitgawe behartig.



Dr. Ronnie Belcher – redakteur van Januarie '75 tot Junie '76.



# NOG 'N GOEIE JAAR VIR

Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers, sê die studentetal aan die U.S. het verlede jaar 'n groei getoon in teenstelling met 'n onverwagse afplatting en selfs 'n daling aan ander blanke residensiële universiteite in Suid-Afrika.

Prof. De Villiers het gepraat by geleentheid van die amptelike opening van die akademiese jaar van die Universiteit op 14 Februarie deur die Administrateur van Kaapland, dr. L. A. P. A. Munnik. Die plegtigheid is in die D. F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg gehou.

Prof. de Villiers het ook nadere besonderhede oor uitbreiding by die U.S. se satellietkampus op Durbanville verstrek.

Hy het 1976 as 'n "goeie jaar" vir die U.S. bestempel.

Die Rektor het syfers aangehaal toe hy verwys het na die toename in die studentebevolking van die U.S. "Ons groei is gehandhaaf en was verlede jaar selfs groter as in 1975. Die getal voltydse studente het in 1976 met 496 toegeneem tot 10 238 ('n groei van 5,1% teenoor 4,9% in 1975) en daarmee het ons ook die eerste keer in ons geskiedenis die tienduisendkerf verbygesteek".

Stellenbosch se tienduisendste student in dié jaar was mnr. K. O. Bang. Hy is ingeskryf vir die graad M.Ing. (rigting: besproeiingsingenieurswese) en is in diens van die departement Waterwese in Pretoria. Matieland het hom verlede jaar probeer opspoor vir 'n berig in die uitgawe van Desember

maar het nie geslaag nie omdat hy pas getroud was. Toe ons na hom soek, is ons meegedeel "hy is na wat berig word", op 'n "lang wittebroodsreis"!

Die Rektor het vervolgens daarop gewys dat die toename in die studentetal nie as gevolg van meer eerstejaars was nie, maar weens die registrasie van groter getalle senior studente, voorgraads en nagraads.

Hy het gesê ontledings wat in 1976 gedoen is, plaas die U.S. in 'n baie gunstige lig wat algemene druipsyfer betref.

"Ons het 'n opvolgstudie onderneem van 1 485 studente wat in 1969 geregistreer het. Teen die einde van 1976 het 71,3% van hulle reeds 'n graad of diploma behaal, terwyl 2% nog met hul studies besig was (veral in die lang kursusse). Indien net 1,7% van



10 000e  
student



Mnr. K. O. Bang, die U.S. se tienduisendste student in 1976.

# U.S.

hulle graduer, beteken dit dat hoogstens 27% van eerste inskrywings in 1969 aan die U.S. onsuksesvol was met hulle studies".

Wat die satellietkampus op Durbanville betref, het die Rektor gesê beplanningsondersoek het verlede jaar gunstig gevorder.

"Daar sal na verwagting binne vyf tot tien jaar met klasse begin word. Meer as duisend voorgraadse dagstudente word teen 1982 in die vooruitsig gestel en 'n getalgroei van minstens duisend word binne die eerste tien jaar verwag".


Hy het dit duidelik gestel dat net dié kursusse waarvoor die aanvraag die grootste is en waarvoor fisiese geriewe teen lae koste voorsien kan word, aanvanklik op Durbanville aangebied sal word.

'n Geskiedkundige foto – hier is die lede van die eerste ad hoc-komitee van die U.S. insake die ontwikkeling van die satellietkampus op Durbanville. Voor v.l.n.r. mnr. R. Conradie, registrator (akademies), prof. D. Schumann, dekaan fakulteit Handel en Administrasie, prof. J. de Villiers (Rektor), prof. M. de Vries (Vise-rektor) en prof. A. Nel, dekaan fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Agter v.l.n.r. mnr. Ivan Mouton van die afd. Beplanning, prof. Jan de Bruyn, dekaan fakulteit Natuurwetenskappe, prof. Roux de Villiers, dekaan fakulteit Ingenieurswese en mnr. J. E. Potgieter, hoof van die afd. Beplanning. (Proff. A. B. de Villiers, F. C. Fensham en G. Stander was afwesig toe die foto geneem is).



# DAG VAN DIE BELONING

Regs: Die U.S. se nuwe doktore en egregrediandi van verlede jaar. Voor v.l.n.r. mnr. T. van Schalkwyk, registrator (finansies), egregrediandus W. H. Craib, prof. J. N. de Villiers (Rektor), dr. J. N. Gericke (Vise-kanselier), prof. M. de Vries (Vise-rektor), egregrediandus D.J. Opperman, egregrediandus C.v.d.M. Brink en mnr. R. Conradie, registrator (akademies). Tweede ry: drs. C. A. van der Merwe (Ph.D.), H. K. Botha (Ph.D.), I. H. R. Kilian (D.Th.), D. C. T. Sheriffs (D.Litt.), J. E. van Niekerk (Ph.D.), J. Cawood (D.Ed.), E. Katzenellenbogen (Ph.D.) en J. B. B. Heyns (Ph.D.). Derde ry: J. J. J. van Rensburg (D.Comm.), W. P. Pienaar (D.Phil.), C. L. McCarthy (D.Phil.), D. M. Joubert (D.Sc.), S. N. Joffe (M.D.), N. J. Botha (D.Phil.), P. J. Avenant (D.Ed.) en W. G. H. Köppe (D.Litt.). Agter: T. G. Alant (Ph.D.), A. P. du Plessis (D.B.A.), J. A. Malan (D.Ed.), C. J. A. Greyling (D.Th.), E. Ronander (Ph.D.) en A. P. Faure (D.Phil.). Proff. R. I. Vasholz en C. S. Ough en drs. T. C. Somers, W. H. Gries en F. Scott was afwesig toe die foto geneem is.



Die bekende nyweraar, dr. Anton Rupert en sy vrou saam met hulle dogter, mej. Hanneli Rupert, wat die graad B.Mus. cum laude geslaag het en ook die Konservatorium-stipendium (R750) verwerf het.



Die voorsitter van Sasol, mnr. D. P. (Dawid) de Villiers en sy vrou by hulle dogter Johanna, wat die graad Hons.(B.A.) in geskiedenis cum laude geslaag het. Die foto is op 4 Maart geneem.


Die Universiteit van Stellenbosch het op plegtigheide op 14 en 15 Desember verlede jaar en op 4 Maart vanjaar meer as 2 500 grade en diplomas verleen.

Vir die U.S. was dit 'n eer om aan soveel jong manne en vroue van Suid-Afrika die nodige akademiese wapenuitrusting te kon gee – vir hulle wat grade en diplomas ontvang het, was dit die dag van die groot beloning. 'n Beloning wat niemand hulle van kan beroof nie.


'n Rekordgetal van 27 kandidate het doktorsgrade ontvang. In hulle geledere was 'n vise-president van die W.N.N.R., dr. D. M. Joubert, twee hoogleraars aan universiteite in die V.S.A., proff. Robert I. Vasholz en Cornelius S. Ough en 'n hoofnavorsingswetenskaplike aan die Australiese Wynnavorsingsinstituut in Adelaide, mnr. T. C. Somers.

Tydens verlede jaar se plegtigheide is die graad B. in Primêre Onderwys die eerste keer toegeken en so ook die graad B. in Rekeningkunde. Die Nagraadse Professionele Diploma in Museumkunde is ook die eerste keer aan die U.S. toegeken – aan tien dames.

Mev. Anna Magarietha van Zyl het die eerste persoon geword om die graad M.Med. (psigiatrie) in die fakulteit van Geneeskunde te verwerf. Die graad LL.M. in die fakulteit Regsgeleerdheid is die eerste keer deur mnr. Frederik Daniël Jacobus Brand – hy het cum laude geslaag – en mej. Elizabeth Elena Bekker verwerf.



Dr. J. M. Fourie




Dr. W. E. Trengove




Dr. S. Ridge



Dr. J. F. W. Grosskopf



Dr. J. E. Oosthuizen




Prof. C. S. Ough, hoogleraar in wynkunde aan die Universiteit van Kalifornië, is een van twee Amerikaanse hoogleraars wat verlede jaar doktorsgrade aan die U.S. verwerf het. Hy het die graad D.Sc. in Landbou (rigting: wynbou) verwerf. Sy proefskrif, wat 139 publikasies oor die wynbou insluit, handel oor sy navorsing om wyne en wynmaakmetodes te verbeter.



Dr. H. E. Visagie

Op die U.S. se grade- en diploma-plegtigheid in Maart is doktorsgrade aan ses mans en 'n vrou toegeken. Dr. Stan Ridge en dr. Bill Trengove is albei aan die U.S. se doserende personeel verbonde. Dr. Ridge is lektor in die departement Engels en dr. Trengove is senior lektor in die departement Engels van die fakulteit Opvoedkunde.




Mnr. D. J. Smit, student in die teologie, ontvang die Kanseliersmedalje van die Vise-kanselier, dr. Kosie Gericke. Mnr. Smit het in sewe studiejare 'n gemiddelde klas- en eksamensyfer van 85,3% behaal.

Die Universiteit van Stellenbosch het op 15 Desember verlede jaar eredoktoraat aan drie bekende Suid-Afrikaners verleen.

Prof. Dirk Opperman, hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die U.S., het die graad D.Litt. (honoris causa) ontvang, dr. Chris v.d. M. Brink, voorstitter van die W.N.N.R., die graad D.Sc. (honoris causa) en dr. William H. Craib, 'n wêreldeskundige op die gebied van die elektrokardiografie, die graad M.D. (honoris causa).

# Eredoktoraat



'n Sonderlinge eer het prof. Dirk Opperman verlede jaar op 15 Desember te beurt gevallen toe sy eie universiteit, die Universiteit van Stellenbosch, aan hom as dienende hoogleraar 'n eregraad toegeken het. Dit is inderdaad 'n eer wat nog baie selde, indien ooit, in die verlede aan dienende hoogleraars aan universiteite in Suid-Afrika bewys is. Verskeie jong digters en literatore van formaat is aan die U.S. opgelewer in die dienstermyne van prof. Opperman . . . sy invloed strek wyd.

Diederik Johannes Opperman is op 29 September 1914 op Dundee in Natal gebore. Hy het op Vryheid skoolgegaan en was daarna student aan die Universiteitskollege van Natal waar hy in 1939 die graad M.A. verwerf het met 'n verhandeling oor die Afrikaanse letterkundige kritiek tot 1922.

Na enkele jare in die onderwys, het hy tot die redaksie van Die Huisgenoot toegetree. Van 1950 tot 1955 was hy redaksie-sekretaris van Standpunte en het as medewerker 'n groot rol gespeel.

In 1952 promoveer hy aan die U.K. tot die graad D.Litt. op 'n gesaghebbende studie oor die poësie van die Dertigers, Digtters van Dertig.

Agt jaar later word hy hoogleraar in die Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Lank voor die publikasie van sy eerste bundel was hy reeds in ingeligte letterkundige kringe as digter bekend. Sy debuutbundel, Heilige beeste (1945), het onmiddellik die aandag getrek en is in 1947 met die Hertzogprys bekroon.

Die hoë peil daarvan is voortgesit en selfs deur 'n reeks van belangrike publikasies verhoog.

Daar is vir eers die sewetal digtbundels:

Negester oor Ninevé (1947), Joernaal van Jorik (1949), Engel uit die klip (1950), Blom en Baaierd (1956), Dolosse (1963), Kunsmis (1964) en Edms. Bpk. (1970).

Die grondtrekke van sy poësie, soos dit in sy eerste gedigte geteken is, was 'n sekere hoekigheid en konkretheid waarin die sierlikheid van 'n vorige generasie plek gemaak het vir stoere saaklikheid.

Ten tweede is daar die drietal versdramas:

Periandros van Korinthe (1954), Vergelegen (1956) en Voëlvry (1968). Hiervan is die eerste en die laaste, onderskeidelik in 1956 en 1969, met die Hertzogprys bekroon.

Ten derde is daar twee bundels literêre opstelle en studies:

# orsgrade

Wiggelstok (1959) en Naaldekoker (1974). Hierin toon hy hom nie slegs as man van die wetenskap nie, maar 'n oorspronklike denker en 'n kritikus met 'n onafhanklike en verantwoordbare oordeel.

Ten slotte is daar 'n reeks van bloemlesings uit die Afrikaanse poësie – van Groot Verseboek tot Kleuterverseboek, van Lied van die land tot Stiebeuel, waarvan twee dele met die medewerking van 'n kollega verskyn het.

**Christiaan van der Merwe Brink** is op 5 Mei 1915 op Piketberg gebore. Hy matrikuleer (eersteklas) in 1932 op Malmesbury en skryf hom in 1933 as student aan die Universiteit van Stellenbosch in. In 1935 verwerf hy die graad B.Sc. met chemie en geologie as hoofvakke.

In 1936 verwerf hy die graad M.Sc. in chemie (met lof) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Ná 'n loopbaan as navorsingschemikus en senior chemikus by Yskor (1937–'42) aanvaar hy 'n betrekking as senior lektor in organiese chemie aan die Universiteit van Pretoria (1943–'58). In 1955 verwerf hy die graad D.Sc. (met lof) aan die Universiteit van Pretoria.

Kort hierna aanvaar hy die professoraat in organiese chemie aan die Vrystaatse Universiteit en in 1967 keer dr. Brink na Pretoria terug as ondervoorsitter van die W.N.N.R. In 1971 volg hy dr. S. M. Naudé as voorsitter van die W.N.N.R. op – 'n pos wat hy sedertdien met groot onderskeidiging beklee.

Vanweë sy besondere bekwaamheid, sy positiewe bydraes en analitiese denke, dien dr. Brink in die rade en uitvoerende besture van verskeie organisasies.

Die bydraes wat Christiaan van der Merwe Brink reeds gelewer het tot die opvoeding van die jeug, tot die vooruitgang van navorsing en die wetenskappe op nasionale en internasionale vlak, en tot die verstewiging en uitbouing van Suid-Afrika se be-

trokkenheid op wetenskaplike gebied op internasionale terrein, verdien die hoogste erkenning wat die Universiteit van Stellenbosch daaraan kan gee.

**William Hofmeyr Craib** was born at Somerset East in 1895.

In 1911 he took top honours in the Cape Senior Certificate Examination, excelling in Greek. Three years later he was awarded a B.A. degree at the South African College in Cape Town with distinctions in Mathematics, Applied Mathematics and Physics. He was also awarded the Jameson bursary to further his studies overseas.

When World War I broke out in 1914 he interrupted his studies at Cambridge to answer the call of duty. He served with South African and British forces and distinguished himself as a soldier. He was awarded the MC and bar and mentioned in dispatches.

He qualified as a doctor at Cambridge in 1923.

From Cambridge, he was awarded a Rockefeller fellowship to Johns Hopkins Hospital in America.


He became engrossed in research on the basic origin of electricity in the heart, on the strength of which he became a Fellow of the Royal College of Physicians and was awarded an M.D. degree at Cambridge in 1930.

His research and findings in electrocardiography were too advanced for medical science of his time and it was only in later years that their true value was realised.


In 1931 he became professor of Medicine at the University of the Witwatersrand and during World War II he was consultant physician, with the rank of colonel, to the S.A. forces.

He has been chairman and member of various government commissions and also served as vice-president of the C.S.I.R.

Dr. Craib has been described in America as "one of the great men of electrocardiography."



Dr. Chris v.d.M. Brink, voorsitter van die W.N.N.R., ontvang die graad D.Sc. (*honoris causa*) op 'n gradeplegtigheid van die U.S. in Desember verlede jaar.



Dr. William H. Craib, "one of the great men of electrocardiography", receives the degree of M.D. (*honoris causa*) at a graduation ceremony of the University of Stellenbosch in December last year.

# Ma presteer..

As 'n vrou in dieoggende werk as bibliotekaresse, geen huisbediende het nie, en nog boonop vier lewenslustige kinders het om na om te sien, sal enigeen saamstem dat sy bitter min ure uit die 24 per dag vir haarself het. Maar as dieselfde vrou ook nog daarin

slaag om 'n honneursgraad binne 'n jaar met onderskeiding te verwerf, dan moet die hoed hoog gelig word vir haar.

Só 'n vrou is mev. Isabel Cilliers, eggenote van mnr. Gert Cilliers wat verbonde is aan die U.S. se Nagraadse



Mev. Isabel Cilliers en haar vier woonwaters. Hulle is v.l.n.r. Theo, Alois, Anton en Ilse

Bestuurskool. (Hy het in 1963 in drie toetse op vleuel vir die Springbokke diens gedoen teen die Wallabies van John Thorneet).

Mev. Cilliers het op verlede jaar se gradeplegtigheid van 14 Desember die honneursgraad in biblioteekkunde cum laude verwerf. Dit het sy gedoen terwyl sy boonop in dieoggende nog gewerk het as bibliotekerasse by die Nagraadse Bestuurskool. Daarbenevens het sy al haar werk as huisvrouw self behartig en ook omgesien na die belang van haar vier kinders – 'n tweeling van 12 jaar, Anton en Alois, wat vanjaar in standerd 4 is, 'n tienjarige seun, Theo, wat glo baie na sy pa aard en in standerd 2 is, en die agtjarige Ilse wat in standerd 1 is.

In 1962 was mev. Cilliers – toe nog Isabel Botes – joolkoningin van die U.O.V.S. waar sy ook die graad B.A. met hoofvakke Engels en Afrikaans-Nederlands behaal het. Daarna het sy 'n ruklank as verslaggeefster by Die Volksblad gewerk.

Mev. Cilliers het die hoër diploma in biblioteekkunde in 1975 verwerf. Sedert die begin van vanjaar is sy deeltydse lektrise by die departement Biblioteekkunde aan die U.S. en is sy ook ingeskryf vir die graad M.A. Haar proefskrif sal handel oor die ontstaan en ontwikkeling van leeskringe in Suid-Afrika.

## ..klasmaats ook

Twee manne wat in 1961 saam die S.O.D. op Stellenbosch verwerf het, het op verlede jaar se gradeplegtigheid van die U.S. ook saam die graad M.Ed. – albei het met onderskeiding geslaag – ontvang. Mnr. F. D. Terblanche en mnr. B. R. Slabbert se navorsing was in 'n sekere sin baanbrekerswerk aan die U.S.

Mnr. Slabbert, wat departementshoof aan die Opleidingskollege Denneoord op Stellenbosch is, se werk oor tersiêre onderwys was die eerste verhandeling oor hierdie belangrike studierrein op Stellenbosch. Mnr. Terblanche – hy is hoof van die Hoërskool Goudini op Rawsonville – se werk oor geprogrammeerde onderwys in die vak wiskunde het die eerste Suid-Afrikaanse geprogrammeerde skoolboek wat in skole gebruik sal word, tot gevolg gehad.

Die navorsingstudies van mnre. Slabbert en Terblanche word deur verskeie opvoedkundiges as van die beste beskou wat nog in die Republiek oor die onderskeie onderwerpe gedoen is.

Mnre. Terblanche en Slabbert het 'n lang pad saam gekom. Hulle was eerstejaars op die Akker en het gelykydig die graad B.Sc. verwerf in 1960.



Die twee ou klasmaats, mnre. F. D. Terblanche en B. R. Slabbert wat ook saam die graad M.Ed. (albei cum laude) verwerf het.

# 'N RUSPLEK VIR OUD-MATIES

Prof. C. G. S. de Villiers, die bekende "Dr. Con", afgetrede hoogleraar in Soölogie aan U.S., verhuis binnekort ná byna 40 jaar uit sy woonstel in Victoriastreet – om een van die eerste bewoners te word van 'n heel besonderse woonstelgebou in Uniepark, Stellenbosch.

Dié nuwe woonstelgebou in Martinsonstraat word opgerig deur Kruithuis Ingelyf, 'n vereniging sonder winsbejag, 'n Groepie Stellenbossers, waaronder dosente en oud-dosente aan die Universiteit, het dit gestig om vir hulleself 'n sorgvrye aftreedag te verseker.

Die borge daarvoor sluit onder meer in proff. H. B. Thom, afgetrede Rektor, en C. G. W. Schumann, afgetrede dekaan van die fakulteit Handel en Administrasie.


Met dié projek word 'n 25 goed ontwerpte enkel- en tweekamerwoonstelle 'n rustige en gerieflike woonplek, asook noodsaklike dienste soos twee maaltye per dag en voorsiening vir 'n beperkte mate van verpleging, gebied aan bejaardes wat aandeelhouers van Kruithuis Ingelyf word.

Aangesien verskeie van die aandeelhouers nog nie afgetree het nie, of langer 'n eie, selfstandige huishouding wil volhou, is 'n aantal van hierdie woonstelle binnekort met die voltooiing van dié gebou beskikbaar vir Oud-Maties wat graag op Stellenbosch wil aftree. Prof. Postma, Tarentaalweg 32, tel. 7-0677, Stellenbosch kan hieroor geskakel word.



Voor die half-voltooide woonstelgebou is, v.l.n.r. mev. A. Heydorn en direksielede proff. J. W. Postma (voorsitter), A. Heydorn en M. E. Malan.

# Houba se ideaal word 'n . . .



**Bo:** Mnr. Jaroslav Houba wie se ideaal nou 'n werklikheid gaan word nadat hy 40 jaar moes wag. 'n Oorlog en 'n staatsgreep het verhoed dat dit vroeër verwesenlik kon word.

**Regs:** 'n Bladsy uit die sportblaaisie van 'n koerant in Praag wat aantoon hoe mnr. Houba die Tsjeggiese volk ingelig het oor sy plan vir 'n Instituut vir Tennis. Sy naam verskyn bo die opskrif van die berig.

# DEURBRAA

Veertig jaar is bitterlank om te wag dat 'n ideaal verwesenlik word. Maar mnr. Jaroslav Houba, internasionaalbekende tennisafriger van die Maties, sê dit was vir hom die moeite werd.

Veertig jaar gelede het hy in sy vaderland, Tsjeggo-Slowakye, by die regering van die destydse president Edward Benes toestemming gevra om 'n sg. Nasionale Instituut vir Tennis in die lewe te roep.

President Benes, wat in sy jeug 'n briljante sokkerspeler was, het op 50-jarige leeftyd begin tennis speel – mnr. Houba was sy afriger. Op 'n dag terwyl hy besig was om die president af te rig, het mnr. Houba teenoor hom genoem dat hy graag 'n Instituut vir Tennis in Tsjeggo-Slowakye sou wou stig.

President Benes het gedink dit is 'n skitterende plan en met sy steun is die nodige toestemming verleen.

Die Tweede Wêreldoorlog het egter kort daarna uitgebreek en Tsjeggo-Slowakye is deur Adolf Hitler se magte beset. President Benes het in ballingskap in Engeland gaan woon.

Nadat die Nazi's verslaan is, het president Benes teruggekeer as staatshoof van Tsjeggo-Slowakye en mnr. Houba het weer geleentheid gehad om sy versoek vir 'n Instituut vir Tennis voor te lê. Die departement van Nasionale Opvoeding het sy plan vir die stigting van 'n Nasionale Instituut vir Tennis goedgekeur en hy is aan die hoof van die hele projek gestel.

Die brief waarin sy aanstelling bekragtig word, is vandag nog in mnr. Houba se besit. Hy het ook uitknipsels van talle berigte wat hy in Tsjeggiese koerante geskryf het om die mense te motiveer vir so 'n Instituut. (In 'n stadium was mnr. Houba selfs sportredakteur van een van die grootste koerante in die Tsjeggiese hoofstad, Praag.)



Promluva jsem mali příležitost když schválen byly zákonodárce i výkonnými orgány klubu všechny myšlenky, které jsem měl, byly všechny vyslyšeny a všechny byly schváleny. Počítám s tím, že všechny myšlenky, které jsem měl, budou všechny využity pro významného vývoje našího sportu. Zároveň představil jsem všechny významné myšlenky, které jsem měl, a všechny byly schváleny a využity pro významného vývoje našího sportu.

Bohužel byl tento článek vydán v časopisu, který byl vydáván nacistickou vládou. Významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

S vedením školy spolupracovali také mnozí lidé, kteří byli vydávání časopisu, pokud možno jenom významní.

Při přijetí do řady byly všechny myšlenky, které jsem měl, využity pro významného vývoje našího sportu.

Naše významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

Naše významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

Naše významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

Naše významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

Naše významné myšlenky, které jsem měl, byly využity pro významného vývoje našího sportu.

# K VIR TENNIS AAN U.S.

Die Instituut sou deel wees van die reuse Masaryk-sportkompleks in Praag en geld vir die bou daarvan sou deur die regering beskikbaar gestel word.

Die Masaryk-sportkompleks het bestaan uit verskeie stadions met geriewe vir die belangrikste sportsoorte van daardie tyd in Tsjeggo-Slowakye. Só was daar bv. 'n stadion waar gimnastiekbyeenkomste gehou is, met sitplek vir 250 000 mense – daar was ook stadions vir sokker, swem en atletiek.

'n Mens sou ver moes gaan soek om in daardie stadium 'n gelukkiger man te vind as Jaroslav Houba. Hy het goedkeuring gehad vir sy Instituut vir Tennis, hy was amptelike afrigter van die Davisbeker-tennisspan van Tsjeggo-Slowakye en ook van die Universiteit Charles in Praag en boonop was hy ook nog een van sy land se voorste sportskrywers. (Mnr. Houba het onder meer ook die legendariese Jaroslav Drobny afgerig wat die mansenkelspeltitel verskeie kere op Wimbledon gewen het).

En toe gebeur dit – 'n staatsgreep deur die Kommuniste in 1948 in Tsjeggo-Slowakye en president Benes se bewind word beeindig. Daarmee is mnr. Houba se drome ook verpletter. Eerder as om onder 'n Kommunistiese bewind te leef, het hy sowat 'n jaar later besluit om sy vaderland te verlaat. In 1951 het hy na Suid-Afrika gekom.

Hy is in 1966 aangestel as heelydse tennisafrigter van die Maties.

Mnr. Houba vertel dat op die plek waar sy Instituut sou verrys het, 'n reuse granietsandbeeld van die Russiese diktator, Joseph Stalin, opgerig is. Dit het oor die hele stad Praag getroon maar met sy dood in 1953 is dit platgeslaan en stukke daarvan is te koop aangebied vir die bou van sypaadjes. Vandag is daar op dié terrein 'n reuse militêre paraderond.

Aan die U.S. het mnr. Houba die derde keer in sy lewe weer sy ideaal vir 'n Instituut vir Tennis geopper. Die voorstel is in 1972 in beginsel deur die U.S. se Sportkomitee goedgekeur en het verlede jaar 'n werklikheid geword toe dit deur die Raad goedgekeur is. Na 40 jaar is mnr. Houba se droom 'n werklikheid.

Dit sal beheer word deur 'n uitvoerende komitee bestaande uit mnr. Houba as voorsitter, mnr. Phillip Söderlund, mnr. Houba se seun, Jaro, en dr. Danie Craven in sy hoedanigheid as direkteur van Sport aan die U.S. Mnr. Söderlund en die jong Houba het albei reeds baie jare tennisafrigting behartig en is landwyd bekend onder beoefenaars van dié sportsoort.

Toe hy oor die Instituut uitgevra is, het mnr. Houba gesê "direkte afrigting" van spelers sal alleenlik 'n klein deel van die eintlike taak wees. "Ons sal in hoofsaak daarop ingestel wees om 'n stelsel van tennisafrigting te ontwikkel wat berus op die begrip van 'balvernuf' as algemene en onmisbare voorvereiste vir alle tipes spel waar 'n bal betrokke is.

Mnr. Phillip Söderlund, wat 'n intensieve studie gedoen het oor die probleme en struikelblokke wat spelers tydens hulle loopbaan ondervind, het op dié punt uitgewei. "Tydens ons vele tenniskampe, kursusse en klinieke deur die jare, het ons tallose jong tennisgeesdriftiges teëgekom

wie se tennispotensiaal gekortwiek en gestrem is as gevolg van die soort afrigting wat hulle in hulle vormingsjare gehad het. Die stelsel wat die Instituut sal bevorder, is een wat sal voorsiening maak vir die natuurlike ontwikkeling van spelers binne die perke van hulle begaafheid".


Mnr. Houba het vervolgens daarop gewys dat die uitvoerende komitee van die Instituut wel deeglik besef dat Suid-Afrika 'n groot land is en dat baie jong, geesdriftige tennispelers nie betrek sal kan word nie. Om dié rede sal die Instituut ook kursusse vir onderwysers wat op skole met tennisafrigting belas is, aanbied, sodat hulle deur vertroud te raak met die begrip "balvernuf" groter insig sal kry in die verwikkelinge en probleme wat betrokke is by die ontwikkeling van spelers.



Hier stap mnr. Houba (links) saam met president Edward Benes na 'n afrigtingsessie op die tennisbaan. Die foto is sowat twee jaar voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in Praag geneem.



Die ander twee lede van die uitvoerende komitee is mnr. Phillip Söderlund (links) en mnr. Houba se seun, Jaro.



# Toeka se Maties weer saam



**Die plek:** Stellenbosch. **Datum:** 2 Desember 1976. **Geleentheid:** 'n saamtrek van studente wat vóór 1930 aan die ou Victoria-kollege en/of die Universiteit van Stellenbosch studeer het.

En hulle het uit alle dele van die land gekom. Uit Florida aan die Wes-Rand, Ohopoho in die verste uithoek van Suidwes-Afrika, Johannesburg, Parys in die Vrystaat en uit talle stede en dorpe in die Republiek het hulle na die ou Eikestad teruggekeer. Meer as 100 van hierdie "ouer" Oud-Maties was dié dag op Stellenbosch byeen. Dit was 'n geval van – soos die groot C. J. Langenhoven dit gestel het – terug na "my ou Universiteit – my enigste kraal."

Die dag was vol – daar was só veel om oor te gesels en dan was daar nog 'n verwelkoming dieoggend in die Senaatsaal, 'n besigtigingstoer deur die kampus en toe die middagmaal in die Langenhoven-studentesentrum. Laasgenoemde was ongetwyfeld die hoogtepunt van die dag – die kos was geurig, die "gebottelde kultuur" (soos oom Mike Pienaar dit genoem het) en die appelsap was koel teen die verhemelte, die bediening was flink en dan was daar die gesellige saamverkeer ... dit het tot na drieuur geduur.

Die Rektor, prof. Jannie de Villiers, het darem kans gekry om die groot groep "senior studente" toe te spreek. Om die U.S. se waardering vir hulle teenwoordigheid (en steun deur die jare) uit te spreek, het hy aan elk 'n silwer eeuvesmedalje oorhandig.

Die mate waartoe die aanwesiges die saamtrek geniet het, blyk duidelik uit brieve wat enkele dae na die saamtrek ontvang is. "Dit was 'n aangename en inspirerende dag ... u het ons laat voel dat ons nog deel van die Universiteit en blywend aan ons Alma Mater verbondne is", aldus mev. Stella Potgieter van Karindal, Stellenbosch.

Prof. F. E. J. "Fransie" Malherbe bedank mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, vir die puik reëlings wat hy getref het en verwys na die "skitterende karakteristiek van ons Universiteit waarmee die Rektor ons almal geïnspireer het". Op die koop toe sluit hy ook sommer 'n vet tjek vir sy Alma Mater se Ontwikkelingsfonds in!



*Bo: Mnr. Mike Pienaar, na al die jare nog bekend as die man wat die plek van die goewerneur-generaal "ingeeneem" het, spog hier teenoor mnr. Nick de Klerk, senior ontwikkelingsbeampte aan die U.S. nadat 'n silwer eeuvesmedalje deur die Rektor aan hom geskenk is. Al die "senior oud-studente" wat teenwoordig was, het soortgelyke medaljes van die Rektor ontvang.*



*Links: Dr. Frie van Vuuren (links) en mnr. Jack Greenstein (regs) wat tydens die laaste Intervarsity in 1929 op die ou rugbyveld – dis waar die Jan Maraisplein vandag is – die Maties se dirigent en pianis was, was ook op 2 Desember by die saamtrek. Hier staan hulle by die Rektor, prof. Jannie de Villiers.*



*Bo: Na die heerlike middagmaal wat tot na drieuur geduur het, was die "gesels" nog nie uitgewoed nie soos dié foto duidelik bewys. Dit is geneem in die Senaatsaal net voor prof. Ben Vosloo sy voorlesing oor "Uitdagings van Skeppende Voortbestaan" gelewer het.*

*En hier is die vyf oudste Oud-Maties wat die saamtrek bygewoon het, saam met die Rektor. V.l.n.r. dr. W. D. Marais (1914–1920) van Bergvliet, dr. F. J. Joubert (1908–1909) van die Paarl, mnr. J. P. A. Marais (1904–1906) van Ceres, die Rektor, prof. Jannie de Villiers, dr. Tinie Louw (1905–1907) van Kaapstad en prof. Fransie Malherbe (1912–1919) van Stellenbosch. Prof. Fransie, dr. Tinie en dr. Marais het reeds eredoktorsgrade van die U.S. ontvang.*

*Die Matietradisie loop oor geslagte heen en dié foto (links) onderstreep dit. Hier staan mnr. Andries Esterhuysen, adjunk-direkteur van Ontwikkeling wat die saamtrek gereël het, by een van sy oud-onderwysers, mnr. H. C. Raubenheimer (1929–1932 aan U.S.), regst; een van sy oud-professore, prof. Fransie Malherbe (1912–1916 aan die Victoria-Kollege), tweede van regst en die predikant wat hom in die huwelik bevestig het, ds. A. J. Pienaar (1924–1926 aan U.S.), links. Prof. Fransie het ook nog vir ds. Pienaar klas gegee. Die foto is tydens die middagmaal geneem.*

**"TERUG NA  
MY ENIGSTE  
KRAAL...."**

'n Saamtrek soortgelyk aan dié van 2 Desember verlede jaar sal vanjaar weer in Desember plaasvind. Die keer sal Oud-Maties wat in die jare 1931 tot 1940 student was, betrek word. Reëlings sal weer getref word deur mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die departement Ontwikkeling aan die U.S. Daar is nog nie op 'n presiese datum besluit nie, maar dit sal in die tweede uitgawe van Matieland, wat in Augustus verskyn, bekend gemaak word sowel as in die pers en oor die radio.



Hierdie gesellige groepie het net die geselsery gestaak om reg te skuif vir ons fotograaf. Daarna is daar weer gate in die middag gesels oor die goeie ou dae in hulle "enigste kraal". En dit het net mooipraat gekos om almal betyds in die senaatsaal te kry vir prof. Vosloo se voorlesing.



Nie minder nie as 13 studente uit die dae van die Victoria-Kollege het die saamtrek van 2 Desember bygewoon. Hier is hulle net na die middagmaal afgeneem. Voor v.l.n.r. mnr. J. P. A. Marais van Ceres, mev. J. E. Jordaan van Kaapstad, dr. Tinie Louw van Kaapstad, mev. Marie Malherbe van Stellenbosch en mev. J. J. Albertyn van Caledon. Agter v.l.n.r. dr. F. J. Joubert van die Paarl, mnr. J. J. du Preez van die Strand, mnr. H. J. van Aarde van Stellenbosch, dr. W. D. Marais van Bergvliet, prof. Fransie Malherbe van Stellenbosch, ds. G. de Vos van Koelenhof, dr. G. F. Hugo van Porterville en mnr. A. B. de Villiers van die Strand.



Bo: Prof. H. B. Thom, gewese Rektor van die U.S., is verlede jaar op 2 Desember op die vergadering van die Konvokasie eenparig verkies tot president. Hy is gekies in die plek van prof. C. G. W. Schumann, gewese hoogleraar in bedryfseconomie aan die Universiteit, wat na nege jaar as president van die Konvokasie besluit het om hom nie weer verkiesbaar te stel nie. Prof. Schumann is reeds 78 jaar oud. Die nuwe president van die U.S. se Konvokasie het as akademikus 'n onuitwisbare merk gelaat op die universiteitswese in Suid-Afrika en hy sal altyd onthou word as een van die land se grootste opvoedkundiges. Prof. Thom was van Januarie 1955 tot Desember 1969 Rektor aan die U.S. Hoewel hy nou reeds sewe jaar afgetree is, dien hy nog aktief in die universiteitswese. Hy is lid van verskeie liggame – só is hy onder meer voorsitter van die Adviserende Raad vir Suid-Afrikaanse Universiteite. Prof. Thom en sy eggenote, mev. Maria Thom, woon sedert sy aftrede nog op Stellenbosch.

# Prof. Thom lei Konvokasie



Bo: Na afloop van die vergadering van die Konvokasie op 2 Desember verlede jaar is 'n onthaal in die Langenhoven-studentesentrum gehou en daar is tot laatnag gekuier en gesels. Hier staan v.l.n.r. mev. Geraldine de Villiers (vrou van die Rektor), prof. Chris Garbers van die departement Chemie, die vrou van die Vise-rektor, mev. Renée de Vries en haar vader dr. Phil Weber, lid van die Raad van die U.S.




Links: Mn. Gert Nieuwoudt (regs) "vat die noot" met al die selfvertroue in die wêreld maar dr. Fire van Vuuren lyk maar bra skepties! Dié twee inwoners van die Eikestad was maar twee van talle wat die onthaal terdeë geniet het.



deur

## Pikkie de Villiers

Hier is tien van die jong sportmanne en -vroue wat vanjaar aan die U.S. studeer. V.l.n.r. Dave Zietsman (gewese W.P.-skrumskakel), Andries Pienaar (rugby – S.A. Skole), Greg Carswell (Springbokswemmer en Cravenweekrugby), Debbie Blair (atletiek en netbal – S-Tvl. en swem en tennis – Oos-Tvl.), Sinclair Warner (rugby – S.A. Skole), Erika Stander (gimnastiek – Natal), Grant Hill (rugby – Natal Skole), Linda Jacobs (karate – N-Tvl.), A. G. Koch (rugby – S.A. Skole) en Neville Daniels (Natalse senior kriketspan, onder meer ook in enkele Curriebekerkragmetings).



# Maties se sportoes geil

Dit stem mens onrustig wanneer groot sportmanne Stellenbosch verlaat, want die vraag duik onwillekeurig op of daar iemand na vore sal tree wat hulle plekke kan vul. Vanjaar kan die U.S. nie kla nie – sy “oes” aan jong sportlui was inderdaad geil.

Ses Springbokke, 'n sportman wat Rhodesië reeds geruime tyd verteenwoordig en verskeie ander wat hulle onderskei het deur provinsiale kleure te verwerf, is sedert die begin van die jaar in Matiegledere.

Die Springbokke is Julian Marsay, Heidi de Kock, Aletta Vos, Heidi Jordaan, Pippa Sales en – die heel nuutste draer van die groen en goud aan die U.S. – Greg Carswell. Die Rhodesiërs is die tennisspeler, Tony Fawcett.

Julian Marsay en Heidi de Kock het die groen en goud verwerf deur hulle prestasies op die atletiekbaan en dan is daar nog belowende atlete soos Theo Pekelharing, Jannie Marais, Johan Dreyer, Elsuna Malherbe, Chloë Mills en Bennie Wessels wat in Matiekleur gaan meeding.

Pekelharing se beste tyd in die myl is slegs 0,01 sekonde buite die gesogte 4 minuutgrens. Jannie Marais was die S.A. junior kampioen oor 800 meter en Chloë Mills was die S.A. junior kampioen in spiesgooi. Elsuna Malherbe is 'n middelafstandatleet en Bennie Wessels 'n hekkiesloper.

Dave Zietsman, skrumskakel van die W.P., Deon van Blommenstein Boland-vleuel en Darius Botha wat vir Noord-Transvaal op vleuel diens gedoen het, is ook by die Maties.

Ses rugbyspelers wat die S.A. Skolespan verteenwoordig het, studeer vanjaar op Stellenbosch. Hulle is Sinclair Warner, A. G. Koch, Jan Geldenhuys, Du Toit Pienaar, Eben Kleynhans en Rob Hankinson. Ryk Melck en Tiaan Everson het in die proewe gespeel vir die kies van 'n skolespan. Aldred Wolfaard, C. Zaaiman en A. van Rens-

burg het verlede jaar gedurende hulle diensplig vir die Vrystaat se o.20 span uitgedraf.

Stellenbosch se tennisspan het een van die beste dubbelspelpare in die land nou dat Tony Fawcett hom by Rayno Seegers kom voeg het. Die grootste aanwinst onder die vroue is Marie van Reenen wat sesde gekeur is op die ranglys vir S.A. juniors.

Neville Daniels, wat hierdie seisoen nog vir Natal se Curriebekerspan krieket gespeel het, het by Eddie Barlow se manne kom aansluit.

Onder die gimnaste wat nou hier studeer, is Erica Stander, wat 'n bronsmedalje by die S.A. kampioenskappe gewen het, en die Springbok Heidi Jordaan.


Die Maties se muurbalkklub behoort vanjaar besonder sterk te wees. Die grootste aanwinst is die Noord-Transvaler, Charl Rorich, wat volgens sy vorige vertonings 'n plek as nommer een of twee in die eerstespan sal kry. Derek Lawrence het die Grens se o.23-span verteenwoordig.

Twee W.P.-spelers, Lenor Georgeson en Pippa Sales (wat ook 'n Springbokbranderryer is) en twee S.A. Skole-spelers, Jean Shapiro en Stacy Smith-Shandler, is ook vir die klub beskikbaar.

In die swembad bekom Stellenbosch 'n Springbok in Aletta Vos. Nog 'n nuweling, Greg Carswell, wat die Grens verteenwoordig het, is die Maties se nuutste Springbok. Hy was skaars hier, toe word die groen en goud aan hom toegeken vir 'n swemtoets teen Rhodesië.

Op die hokkieveld sal die S.A. Skole se B-span speler, Colin Bands, ook probeer om vir hom 'n plek in die Maties se eerstespan oop te speel.

Martin Louw het die S.A. junior gholfspan gehaal, terwyl Tim Bugler die Grens se waterpolospan en A. du Plessis die O.P. se onderwaterhokkiespan verteenwoordig het.



## De Kock lei nuwe kursus

**Die man wat aan die hoof van die nuwe kursus in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch staan, is prof. J. W. de Kock.**

Sy belangrike taak het reeds begin aangesien die nuwe kursus sedert die begin van die U.S. se akademiese jaar op 14 Februarie in die bestaande departement Chemiese Ingenieurswese aangebied word.

Die 41-jarige prof. De Kock was voorheen medeprofessor in chemiese ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad. Hy het in 1956 die graad B.Sc. in chemiese ingenieurswese (cum laude) aan dié universiteit geslaag en vyf jaar later sy doktorsgraad in chemiese ingenieurswese aan die Universiteit van Cambridge in Engeland behaal.

Kort nadat hy sy doktorale studie voltooi het, het hy as navorsingsingenieur vir Canadian Industries gewerk en in 1963 na sy Alma Mater in die Moederstad teruggekeer as senior lektor in chemiese ingenieurswese.

In 1966 het hy by General Mining aangesluit waar hy twee jaar werksaam was voordat hy by Amcor in diens getree het.

In 1971 is hy weer aangestel as senior lektor by U.K. en in April verlede jaar het hy medeprofessor in chemiese ingenieurswese geword.

Prof. De Kock, wat 'n geregistreerde professionele ingenieur is, is lid van die Ingenieursvereniging van die Universiteit van Cambridge en ook lid van die S.A. Instituut vir Mynwese en Metallurgie.

Hy het ook aan die hoof gestaan van 'n projek vir die Waternavorsingskommissie wat vier jaar geduur het.

# Nog 'n mylpaal in Ingenieurswese

Die kursus in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese in die bestaande departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit – die instelling daarvan is in Maart verlede jaar bekend gemaak – het sy beslag gekry, en klasse het vanjaar begin. Dit word as 'n baie betekenisvolle stap vir die metallurgiese en chemiese nywerheid in Suid-Afrika beskou, en is veral in die lig van die onlangse ontdekking van nikkel-, koper-, lood- en sinkerts in Noordwes-Kaap en Namakwaland vir Kaapland van groot belang.

Die man wat aan die hoof van die nuwe kursus staan, is prof. J. W. de Kock. (Lees berig hiernaas).

**Chemiese en metallurgiese nywerhede in die Republiek sal na raming in die volgende dekade minstens 3 500 professionele ingenieurs benodig – en die Universiteit van Stellenbosch is gereed om sy deel by te dra sodat daar in dié toekomstige behoefté voorsien kan word.**

Die ontwikkeling van 'n reuse metallurgiese nywerheidskompleks in die omgewing van Kaapstad en Saldanhabaai moet teen die agtergrond van die onlangse ontdekings van minerale as 'n sekere moontlikheid gesien word.

Daar is beraam dat nagenoeg sewebiljoen rand in die volgende tien jaar bestee sal word aan chemiese en metallurgiese nywerhede in die Republiek en terselfdertyd sal ongeveer 3 500 professionele ingenieurs benodig word.

Van hierdie getal sal minstens 'n derde, d.w.s. sowat 1 200 chemiese en metallurgiese ingenieurs moet wees, ten einde die gesofistikeerde tegnologie te bemeester wat benodig word vir die ekstraksie van metale uit hulle ertse. Om te voldoen aan die navraag vir sulke ingenieurs, sal daar jaarliks ongeveer 180 aan Suid-Afrikaanse universiteite opgelei moet word.

Vanjaar word Stellenbosch slegs die derde universiteit in die land wat 'n kursus in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese aanbied.

Die belangrikheid van dié nuwe kursus word voorts ondersteep wanneer in ag geneem word dat dit veral op die huidige van die grootste belang is dat Suid-Afrika waardevolle metale uitvoer om sy betalingsbalansprobleme te bowe te kom. Goud-uitvoere alleen kan nie meer tred hou met ons verhoogde invoere van veral duur ruolie nie. Die enigste werklike alternatief vir goud is Suid-Afrika se ander waardevolle minerale.

Afgesien van groot hoeveelhede platina, diamante en uraan is 70% van die Weste se bekende chroomertsreserwe in Suid-Afrika. Chroom is van besondere belang vir die nywerheidslande want geen vleklose staal of superallooie vir turbines en sputtmotore kan sonder dié metaal verwaardig word nie.

Die wêreldaanvraag vir metaalboustowwe het tussen 1900 en 1970 twaalfvoudig toegeneem. Met toenemende nywerheidsontwikkeling in die wêrelde, sal die aanvraag vir Suid-Afrikaanse metale grootliks moet toeneem.

Dié nuwe kursus aan die U.S. sal dus voorsien in 'n behoefté wat vir die land van die allergrootste belang is.

Die kursusse in chemiese en ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese kom baie ooreen in die eerste drie studiejare. Studente wat die derdejaar in chemiese ingenieurswese suksesvol afré, word toegelaat om hulle studies voort te sit as vierdejaars in ekstraktiewe metallurgiese ingenieurswese.

Ruim beurse word deur die Nasionale Instituut vir Metallurgie en ook deur verskeie mynmaatskappye beskikbaar gestel aan studente wat hulle wil bekwaam as ekstraktiewe metallurgiese ingenieurs.

Nadere besonderhede kan bekom word deur te skryf aan: Die Registrateur (Akademies), Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

# Hoe ons Koos Kloppers gehelp het om homself R500 per maand te betaal terwyl hy visvang.



Toek Koos Kloppers die dag afgetree het, wou hy behoorlik uitspan. "Ek wil nie net van werk verander soos so baie van my vriende verplig was om te doen nie. As ek ophou om vir my geld te werk, moet my geld vir my kan werk," het hy vir sy Trust Bank-bestuurder gesê.

En ons het gesorg dat sy geld baie hard vir hom werk.

Deur die jare het ons beleggingsadviseurs 'n hoogs winsgewende beleggingsportefeuilje met rotsvaste sekuriteit opgebou. Met Koos se onlangs uitbetaalde pensioengeld ook ingesluit by dié portefeuilje, kan hy en sy vrou Martie reken op R500 per maand — sonder om aan hulle kapitaal te raak.

En om alles te kroon, het ons vir hulle 'n gesamentlike Spesiale Spaarrekening oopgemaak. Hulle kry 'n volle 8% rente en kan onttrek net wanneer dit hulle pas.

Ons het Koos en Martie ook op ander maniere gehelp. Die Trust Bank Eiendomsmakelaars het hul huis verkoop wat te groot vir hulle was en vir hulle 'n gerieflike huisie by die see gekry. En toe Koos vir Martie Kaapstad toe geneem het vir hulle derde wittebrood, het hulle in vyfsterweelde in ons Hotel Heerengracht gebly.

Hulle kon die allerbeste vir min geniet. Want soos vir alle kliënte van Die Trust Bank is daar vir hulle ook spesiale afslag en voorregte by alle "Tale of Three Cities Hotels". (Die

Carlton, Johannesburg; Mala Mala, Die Wildtuin, Oos-Transvaal; Cabana Beach, Durban; Die Heerengracht en Libertas, Kaapstad.)

Wil u ophou werk wanneer u die dag afgree? U hoeft nie 'n visterman te wees om 'n goeie vangs te maak nie, maar dit sal help as u 'n kliënt van die Eenstop-bank is.

Kom lank ons gesels oor hoe ons u kan help. Skakel u naaste Trust Bank-bestuurder. Of skryf om 'n brosjiure oor ons volledige reeks dienste.

Die Hoofbestuurder  
Bemerkings, Die Trust Bank  
van Afrika Beperk, Posbus 2116,  
Kaapstad. 8000.




## DIE TRUST BANK

Geregistreerde Algemene Bank

Banke sal nooit weer dieselfde wees nie.

**Prof. T. N. Hanekom**




Elke jaar neem Stellenbosch afskeid van 'n paar professore wat die tuig neerlê en elke jaar is daar die hartseer wat daarmee gepaard gaan.

Die jaar 1976 was nie 'n uitsondering nie. Die ses professore wat afgetree het, was prof. T. N. Hanekom, prof. W. M. van der Westhuizen, prof. J. P. J. van Rensburg, prof. (brig.) P. J. G. de Vos, prof. R. P. Perold en prof. P. C. de Villiers.

Prof. van Rensburg, wat 31 jaar hoogleraar in Grieks was, het hom veral as vertaler van klassieke werke in Afrikaans onderskei. Hy is ook drie keer deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vir vertaalde werke. Hy het ook 'n hele aantal ander werke in Afrikaans vertaal en ook in 1953 'n Eerste Griekse Grammatika geskryf.

Onder die studente wat deur die hande van prof. Van der Westhuizen as regsgelerde gegaan het, is die huidige Eerste Minister van Suid-Afrika, dr. B. J. Vorster. Verskeie hoogaangeskrewe publikasies het uit

**Prof. J. P. J. van Rensburg**



sy pen verskyn. 'n Referaat wat hy in 1964 in Heidelberg, Wes-Duitsland, gelewer het, is later in 'n Copendium van werke van voortreflike juriste wat by die kongres opgetree het, gepubliseer. Hy het in 1955 hoogleraar geword.

## Bekendes span uit

Prof. Perold was altesaam 25 jaar verbonde aan die doserende personeel van U.S. waarvan 13 jaar as hoogleraar in landbouingenieurswese. Hy is lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. As navorser het hy die landbou en die ingenieurswese gedien en verskeie publikasies in dié rigtings die lig laat sien.

Prof. de Vos, wat in 1948 hoogleraar geword het, is in 1955 aangestel as

**Prof. (brig.) P. J. G. de Vos**



dekaan van die nuwe faculteit Kryskunde en as bevelvoerder van die Militêre Akademie. Hy was ook die eerste bevelvoerder van die Regiment Universiteit Stellenbosch.

Prof. Hanekom, wat lank predikant op Stellenbosch was voordat hy in 1960 hoogleraar in kerkgeschiedenis geword het, het as kerkhistorikusveral navorsing oor liberalisme gedoen. Hy is onder meer lid van Sabra en van die Nederlands Cultuurhistorisch Regs-kommissie.

Prof. de Villiers was een van die eerste studente in bosbou in Suid-Afrika. In 1965 is hy as hoogleraar in bosbestuur aangestel, maar het nog verskeie jare as konsultant vir die departement van Bosbou van die Staat opgetree. Sy belangrikste publikasies handel oor ekonomiese aspekte van die bosbedryf.


Op dieselfde geselligheid is daar ook afskeid geneem van mev. A. P. O'Shea, mev. I. Smit, mnr. W. Steenkamp, mnr. B. Giljam en dr. V. D. Wasserman – hy het 'n pos by Landbou-tegniese Dienste aanvaar.



**Prof. R. P. Perold**



**Prof. W. M. van der Westhuizen**



**Prof. P. C. de Villiers**



Die foto van die Raad van Beskermhere van die Instituut is kort voor die aanvang van die geskiedkundige eerste vergadering geneem. V.l.n.r. staan dr. D. H. van der Vyver, prof. William Kgware, mnr. Fred Bamford, adv. D. P. de Villiers, mnr. C. J. F. Human, prof. Jannie de Villiers, prof. Charles Fensham, prof. H. B. Thom, mnr. P. S. Meyer, mnr. Piet Lombard, prof. Andries Nel, dr. Tromp Botha en prof. Richard van der Ross. (Dr. Kosie Gericke was nie teenwoordig toe die foto geneem is nie, maar het hom wel 'n kort rukkie later by die vergadering aangesluit.

# TAALINSTITUUT BRING GROOT NAME BYEEN

Pas 'n jaar nadat die Instituut vir Taalonderrig van die Universiteit van Stellenbosch tot stand gekom het, het die eerste vergadering van sy Raad van Beskermhere plaasgevind onder voorsitterskap van die Rektor, prof. J. N. de Villiers, wat self 'n lid van die Raad is.

Die volgende mense was almal by dié geleentheid teenwoordig:

Dr. D. H. van der Vyver (direkteur van die Instituut), prof. William Kgware (Rektor van die Universiteit van die Noorde), mnr. Fred Bamford (S.A. Manganese Amcor), adv. D. P. de Villiers (Nasionale Pers), mnr. C. J. F. Human (Federale Volksbeleggings), prof. Jannie de Villiers (Rektor van die U.S.), prof. Charles Fensham (voorsitter van die Beheerkomitee van die Instituut), prof. H. B. Thom (gewese Rektor van die U.S. en voorzitter van die Adviserende Raad vir Universiteite), mnr. P. S. Meyer (Kaaplandse Direkteur van Onderwys), mnr. Piet Lombard (direkteur van Ontwikkeling aan die U.S.), prof. Andries Nel (dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die U.S.), dr. Tromp Botha (lid van die Beheerkomitee van die Instituut) prof. Richard van der Ross (Rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland) en dr. Kosie Gericke (Vise-kanselier van die U.S.).

Die Raad het onderneem om die Instituut op verskeie maniere behulpsaam te wees. Dit sal leemtes in die taalonderwys en taalkursusse in die verskillende sektore en bevolkingsgroepe uitwys; dit sal help met die uitbouing van die Instituut se werksaamhede deur onder meer kontakte te bewerkstelling en met die insameling van fondse behulpsaam te wees; in die samelewing sal dit die Instituut se seismograaf wees wat lof sowel as kritiek sal registreer.

Die stigting van die Instituut – met die bydrae wat dit wil lewer ten opsigte van die onderrig van Afrikaans aan die swartmense en immigrante, en van Bantoe-tale aan die blankes – is deur die vergadering verwelkom.

Die werk van so 'n Instituut is van die grootste belang aangesien so baie van die beskikbare taalkursusse oor die algemeen op 'n baie sterk ad hoc-basis ontstaan het en 'n deeglike wetenskaplike onderbou kortkom.

Daar is indringend besin oor die plek en taak van die Instituut en daar is op gewys dat dit 'n tweërlei funksies het: dit moet suwer wetenskaplike navorsing doen en dit moet 'n diens aan die Universiteit en die gemeenskap lewer.

# Nog 'n gedenkskenking...

Johan en Willie Spies, 'n egpaar wat vier van hulle vyf seuns na die Universiteit van Stellenbosch gestuur het, is vandag nie meer met ons nie, maar hulle naam sal bly voortleef aan die U.S.

Mnr. Joachim Frederik Spies, die egpaar se tweede oudste seun, het 'n gedenkskenking aan sy Alma Mater gedoen om die nagedagtenis van sy ouers te vereer.

Mnr. Spies het R2 000 aan die Universiteit geskenk. Die geld sal deur die U.S. belê word en die opbrengs ingespan word as 'n studiebeurs vir verdienstelike studente. Die beurs sal bekend staan as die Johan en Willie Spies-beurs.

Mnr. Johan Spies is op 4 Februarie 1877 gebore en sy vrou, mev. Wilhelmina Christina (Willie) op 16 Augustus 1885. Sy was 'n nooi Mentz. Op 14 Februarie verlede jaar is sy in die ouderdom van 90 jaar oorlede – 37 jaar ná haar eggenoot wat reeds in 1939 dood is. Mnr. en mev. Spies is in 1907 op Heilbron in die Vrystaat in die eg verbind.

Vier van die vyf seuns wat uit dié huwelik gebore is, het in die Eikestad gestudeer. Lodewyk Petrus het predikant geword aan die U.S. en was tot sy aftrede sekretaris van die Diens van Barmhartigheid van die Suid-Transvaalse Sinode van die N.G. kerk. Johan Jacobus het in 1935 die graad B.A. op Stellenbosch behaal en was vroeër redakteur van *Die Huisgenoot*. Abraham Marthinus het in 1947 die graad B.Sc.Ing. aan die U.S. behaal en is verbonde aan die Raad vir Buitestedelike Gebiede in Pretoria.

Mnr. Joachim Frederik Spies, die man wat die gedenkskenking gedoen het om sy ouers te vereer, was tien jaar onderwyser voordat hy in 1942 na Stellenbosch is om 'n graadkursus te volg. Met sy aftrede op 30 September verlede jaar was hy inspekteur van onderwys in die Vrystaat – hy het lank in Bloemfontein gewoon. Hy woon nou op Stellenbosch.



Mnr. en mev. Johan Spies wie se nagedagtenis ver-eer word deur middel van 'n gedenkskenking aan die U.S. deur een van hulle seuns.

## ...En 'n uitsonderli



Die egpaar Stander – 'n foto wat op hulle troudag geneem is.

**Die nuus oor die gedenkskenking deur mnr. J. F. Spies en die uitsonderlike bemaking van die jong egaar Stander, staan hier geskrywe teenoor 'n foto van die standbeeld van wyle mnr. Jan Marais, eerste groot donateur van die Universiteit van Stellenbosch. Sy bemaking van R100 000 het die U.S. in staat gestel om sy eerste onafhanklike tree te gee – mense soos mnr. Spies en wyle mnr. en mev. Stander stel die U.S. in staat om tred te hou.**

# ke bemaking

Die Universiteit van Stellenbosch het teen die einde van verlede jaar 'n uitsonderlike bemaking uit die boedel van 'n jong egaar ontvang.

Die egaar, mnr. en mev. J. Stander, is in Februarie 1976 op tragiese wyse dood toe hulle tydens 'n vakansie in die Drakensberg in Natal in 'n bergstroom verdrink het.

Mnr. Stander was ten tyde van sy dood in diens van die S.A. Spoorweë in die Natalse hawestad. Hy het van 1969 tot 1974 aan die U.S. gestudeer en 'n graad in ingenieurswese verwerf. Mev. Stander – sy was 'n nooi Van der Nest – was student aan die Tegniese Kollege in die Eikestad. Dit was dan ook op Stellenbosch waar hulle mekaar ontmoet het.

Die gesamentlike boedel waarvan die Universiteit die opbrengs ontvang, bedra R55 569.

Hierdie hartstogtelike trou van 'n oud-student teenoor sy Alma Mater word deur die U.S. besonder hoog op prys gestel. Dit is voorbeeldelike soos dié wat vir baie ander as besieling dien.





deur  
**Heloïse Davis**



*"Ek hou van uitdagings . . ."*



*"Ek kon nie droom waarom die Rektor my wou sien nie . . ."*

# Johan de Villier

Briljante wiskundige, wenner van die Kanseliersmedalje, skaakmeester, sjarmant, bekwaam, beskeie – dit is 'n neutedopbeskrywing van die Universiteitskoor Stellenbosch se nuwe dirigent.

Toe Johan de Villiers in 1967 die eerste keer sy plek as dirigent voor die manskoor van Wilgenhof, beter bekend as "Die Kraaie" ingeneem het, was daar seker nie baie van die koorlede wat kon dink dat hulle deur 'n toekomstige dirigent van so 'n prestige-koor soos dié van die Universiteit gelei word nie.

Dr. De Villiers vertel dat hy daardie aand net arms was. "Nogtans was die twee jaar wat ek die Kraaie se dirigent was, vir my van onskatbare waarde. Dit was praktiese ondervinding op sy beste."

Die koor was van hoogstaande gehalte en het met welslae in sangfeeste en selfs kunswedstryde meegegeding.

Sy eerste ondervinding met 'n gemengde koor het in 1970 gevolg toe hy nie meer voltydse student was en dus nie meer die Kraaie kon afrig nie. Dis toe hy Wilgenhof, Harmonie en Monica vir die Sangfees moes voorberei. Vra gerus aan Sangfeesgangers van daardie jaar hoe die klanke wat dié koor vorendag mee gekom het, geklink het.

Om na kore te luister is net so belangrik. Hiervoor het dr. De Villiers volop geleenthed gekry in die drie daaropvolgende jare toe hy sy studies vir 'n doktorsgraad op Cambridge, Engeland, voortgesit het.

"Daardie drie jaar was net wiskunde, wiskunde en nogmaals wiskunde. Om na kore te gaan luister was my en my vrou, Louwina, se afleiding. Ons het wonderlike sang daar gehoor. Sondae het ons gereeld na die bekende Kings College Boys Choir gaan luister. Ek dink my verblyf in Engeland het my geleer om 'n koor te evalueren.

Musiekgesproke was dit 'n vrugbare tydperk."

En kort na sy terugkeer moes hy die groot vraag, of hy lief genoeg vir musiek is om dit wiskunde se trekmaat voor die wa te maak, beantwoord.

"In geen stadium het ons dit eers 'n oorweging gegee dat ek prof. McLachlan se opvolger sou wees nie. Daardie Saterdagoggend toe die Rektor my na sy kantoor ontbied het, het ek nie die vaagste benul gehad waarom hy my sou wou spreek nie. Ek was nog meer verwارد toe my dekaan, prof. Roux de Villiers ook teenwoordig was. Ek kon met 'n veertjie omgetik word."

Hy vertel dat hy vir drie nagte nie kon slaap soos hy met die voornemende dirigentskap geworrel het nie.

"Ek het besef dat dit voortaan 'n lewensberoep sou word, dat dit nie meer net 'n stokperdjie of afleiding sou wees nie. Maar nou kyk ons net vorentoe. Die uitdaging het ek aanvaar en ek en my koor is hard aan die oefen om ons Universiteit se prestige nie in die steek te laat nie."

Trou aan sy geaardheid het hy 'n "nuwe blaadjie omgeslaan". Nie een van die vorige jare se stukke gaan vanjaar op die program verskyn nie. Trouens, daar is net 13 van verlede jaar se koorlede opgeneem. Suid-Afrika kan dus uitsien om met 'n "nuwe" Universiteitskoor Stellenbosch kennis te maak.

Van die 13 "ou" lede praat dr. De Villiers met groot lof. "Hulle is 'n inspirasie vir hul maats", sê hy. Die dirigent is net so beïndruk en verheug oor die gehalte van die nuwe lede.

"Daar was so baie studente met uitstekende stemme, dat ek trouens besluit het om die koor van 57 na 64 te vergroot".



"Wiskunde is eksak, wel, miskien musiek ook . . ."



"Prof. Paynter se tegniek is werlik iets besonders . . ."



"Daardie aand was ek net arms . . ."



"Ek lyk soos Boris Spassky? Ek wens hy was my skaakmaat! !"

# sweet waarheen

Die meeste stukke wat die koor gaan sing, het dr. De Villiers tydens sy onlangse besoek aan Amerika uitgesnuffel.

"Dit wissel geweldig. Daar is moderne stukke, daar is stukke uit die 15e eeu, kortliks, die meeste meesters uit alle wêreldele word verteenwoordig."

Hy sê wat Suid-Afrikaanse komposisies betref, die koor waarskynlik 'n stuk of twee van Arnold van Wyk sal sing.

Maar waarom het Johan de Villiers nie in 'n musiekrigting gaan studeer nie?

"Nee, in geen stadium het ek dit oorweeg nie. Selfs aanlegtoetse het getoon dat ek in 'n navorsingrigting moet studeer."

Musiek, wiskunde – op die oog af twee pole. Dr. De Villiers meen egter dat daar tog 'n verband tussen die twee moet bestaan. "Wiskunde is eksak. Musiek? Wel, dit is ook eksak. Elke noot moet presies korrek weergegee word. En tog, elke musikant of dirigent kan terselfdertyd sy eie interpretasie daaraan gee.

"Miskien is musiek die ontmoeting tussen die eksakte en die verbeelding."

Tydens sy onlangse besoek aan Amerika het hy ook onder die wêreldebekende prof. John Paynter van die Northwestern University in Chicago in gevorderde koorafrigting en die dirigeerkuns studeer.

"Van hom het ek baie geleer. Veral sy psigiese benadering tot die lede van sy orkes het tot gevolg dat hy die beste uit hulle haal. Ek sal bitter graag weer oor 'n paar jaar besoek aan hom wil bring. Die man se tegniek is iets besonders."

Van sy vader, die bekende Dirkie de Villiers, het hy ook baie geleer. Hy vertel dat toe hy van Amerika teruggekeer het, hy die stukke wat hy saamgebring aan sy vader gaan wys het en saam het hulle dit bespreek.

"My vader het my veral baie raad gegee ten opsigte van oefentegnieke asook ander praktiese wenke."

Anders as die meeste ander mense, erken dr. De Villiers dat kritiek vir hom saakmaak. "Natuurlik sal mens bly wees as kritiek gunstig is, of hartseer wees as dit afbrekend is. Wat vir my egter verreweg die belangrikste is, is dat die gehoor 'n uitvoering moet geniet – en dit weet mens onmiddellik. Dit bly die belangrikste."

Kritiek kry hy ook van sy vrou, Louwina. "Sy is net so betrokke by die koor soos ek en staan my wonderlik by. Ek glo 'n man se vrou sal altyd eerlik kritiek lewer – en dit doen Louwina."

"Sy sal my altyd help om die koor interessant te hou. Daarmee bedoel ek dat daar altyd iets nuuts moet wees, anders stagneer mens en die koor saam met jou. Dit is nou wel baie werk om gedurig nuwe liedere voor te berei, maar dit behou die belangstelling van almal. Die meeste mense hou van uitdagings – ek is beslis geen uitsondering nie."

Met so 'n ambisieuse en bevoegde jong man aan die stuur van een van Suid-Afrika se bekendste kore, kan die pad vorentoe net vol rose wees, en al sou die onvermydelike dorings in die pad opdoem – hy is bekwaam en realisties genoeg om ook dit te verwerk.

# KOOR SE PROGRAM VIR TOER

Dr. Johan de Villiers is hier besig om met die U.S. koor te oefen met die oog op die landswye toer in Junie en Julie. Die toerprogram lyk so: Sat. 18 Junie op **Oudtshoorn** (Burgersentrum). Besprekings: Van Zyl-broers. Maan. 20 Junie in **Port Elizabeth** (Abraham Levy-saal). Besprekings: Bookings in Hooistraat. Dins. 21 op **Grahamstad** (Setlaarsmonument). Besprekings: **Grocott & Sherry**. Woens. 22 Junie in **Oos-Londen** (Windsor Bowl). Besprekings: Sanlam. Don. 23 Junie op **Umtata** (stadsaal). Besprekings: Mod Scene, Owenstraat. Sat. 25 Junie in **Durban** (Studentesentrum, Univ. van Natal). Besprekings: Greenacres, Weststraat. Maan. 27 Junie in **Pietermaritzburg** (stadsaal). Besprekings: Filharmoniese Vereniging in stadsaal. Woens. 29 Junie op **Nelspruit** (stadsaal). Besprekings: Keet en Maré. Don. 30 Junie op **Ermelo** (Musiekcentrum). Besprekings: Jackson en Joubert. Vry. 1 Julie in **Johannesburg** (Stadskouburg). Besprekings: Computicket. Sat. 2 Julie in **Pretoria** (Unisa). Besprekings: Computicket. Maandag 4 Julie op Sasolburg in die Etienne Rousseau-teater.



## Aandag oud-Eendragters

Eendrag is vanjaar 16 jaar oud. Betreklik jonk, maar tog oud genoeg om reeds diep spore te kon trap op Stellenbosch. Hiervan getuig die volgende:

- \* Die Staatspresident dr. Diederichs, tel onder die ereburgers van Eendrag
- \* In 1970 en '75 is die Studenteraadsvoorsitter 'n Eendragter
- \* Gedurende sy kort bestaan lewer Eendrag vyf keer die hoofredakteur van "Die Matie"
- \* Vyf Springbokke in kanovaart sluit hulle studentedae in Eendrag.
- \* In 1975 lewer Eendrag die beste finalejaarstudent aan die ganse universiteit, te wete Hannes Schoombee.

Hierdie is maar enkele hoogtepunte uit 'n trotse verlede. Ongelukkig het daar egter min tasbaars behoue gebly en is behoorlike rekords nie altyd gehou nie. Die huidige huiskomitee het dit dus goedgedenk om 'n begin te maak met die oprig van 'n behoorlike argief waar die lief en leid van Eendrag vir toekomstige geslagte opgeteken en bewaar kan word.

'n Beroep word dus gedoen op oud-Eendragters om enige potensiële argiefstukke waarvan hulle dit enigsins moontlik vind om afstand te doen, goedgunstig te stuur vir veilige bewaring. Hier word veral gedink aan:

- (a) Geskiedkundige foto's – met of sonder die nodige inligting.
- (b) Eksemplare van die koshuiskoerant *Vires Unitatis* wat sedert 1964 verskyn.
- (c) Enige interessante voorwerpe, korrespondensie, staaltjies, ens., uit die koshuis se verlede.

Indien u nie in besit is van enige van bogenoemde nie, sal dit op prys gestel word as u slegs u adres sowel as die van enige ander oud-Eendragters aan u bekend, aan te stuur. Die versameling van hierdie adresse word nou reeds gedoen vir die beoogde reünie met Eendrag se 21-jarige bestaan in 1982.

- Geldelike bydraes is meer as welkom daar die uitrusting van 'n behoorlike argief groot kapitaalbesteding behels wat beswaarlik deur die huiskas hanteer kan word.

# O.L. se skakelkomitee vergader

Oos-Londen se Oud-Matieskakelkomitee het op 2 Februarie vergader. Dit was 'n belangrike vergadering aangesien dit die eerste vir die nuwe jaar was. Aanleenthede rakende die Universiteit is bespreek en die adreslys van Oud-Maties hersien. Mnr. Nic de Klerk, senior ontwikkelingsbeampte aan die U.S., het besonderhede verstrek oor nuwe ontwikkelinge en uitbreidings op Stellenbosch. Die voorsitter, mnr. C. Marx, het die lede bedank vir die getroue ondersteuning wat hulle hul Alma Mater gee. Hier verskyn v.l.n.r. mnre. R. King, H. N. Roux, D. van der Westhuizen, B. Blommaert, mev. M. A. A. Kruger, mej. A. Alsop, mnr. C. Marx (voorsitter), mnr. Nic de Klerk van die U.S., mnr. R. Marais, mnr. I. du Toit, ds. M. S. van Zyl en mnr. Jan Hofmeyr.



Ten einde 'n wye sirkulasie te kry vir die B.T.K.-nuusblad benodig die huidige bestuur van die Berg- en Toerklub adresse van alle oud-B.T.Kaners. Daar word 'n beroep gedoen op almal wat in hulle studentejare "ge-B.T.K." het om hul adresse en ook dié van kennisse wat oud-B.T.Kaners is te stuur aan onderstaande adres.

Belangstellendes sal ook meer inligting ontvang oor die reunie in 1978 om die 50-jarige bestaan van die B.T.K. te herdenk waartydens daar 'n feesblad die lig sal sien wat alle oud-B.T.Kaners baie graag sal wil ontvang.

Moet self nie kans gee om hiervan te vergeet nie – pos u adres terstond!

Ons steun op u samewerking.

DIE B.T.K.

POSBUS 3030  
STELLENBOSCH  
7600

Dié foto is 'n ruk terug geneem toe lede van die B.T.K. deur die Visrivier Afgronde gestap het en daar uitgespan is om die skoonheid van die omgewing te bewonder.



## B.T.K. soek adresse

Ek stel belang in meer inligting omtrent die halfeeu fees en reunie van die B.T.K. in 1978  
(Drukskrif asseblief)

Van: .....

Voornaam: .....

Prof.; Dr.; Ds.; Mnr.; Mev.; Mej.  
(Skrap wat n.v.t.)

Nooiensvan: .....

Jare ge-B.T.K.: .....

My adres is: .....

Ek wil inteken op die kwartaalblad van die B.T.K. waarvoor ek 'n tjek/posorder van R1 insluit.

(Ja of Nee) .....

alle soorte  
drukwerk, verpakking,  
tydskrif- en  
boekpublikasie,  
asook  
advertensie-  
promosie

---

tel:53-2011 Kaapstad  
tel:836-9391 Jhb.



## TRIO-RAND·S.A.LITHO

GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,  
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH  
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,  
MASKEW MILLER, KRAFTPAK,  
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,  
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,  
PLASTICWRAP

# HONORIS CRUX VIR ONVERSKROKKE MATIE

'n Jeugdige, forsgeboude Matie was einde verlede jaar in die geledere van 36 Suid-Afrikaanse krygshede aan wie die Honoris Crux-medalje vir dapperheid op 'n indrukwekkende militêre parade op Voortrekkerhoogte toegeken is.

Michael Prins, wat aan die U.S. studeer vir diegraad B.A.(L.O.), was skaars 20 jaar oud toe hy die dood getrotseer het.

Om sonder enige dekking na 'n verwonde makker te beweeg terwyl die vyand dodelike, doelgerigte vuur op jou rig en dié dan na veiligheid te dra, verg ongekende moed en dapperheid. Maar, getrou aan die tradisie van 'n volk wat vegsmanne soos 'n Christiaan de Wet en 'n Dan Pienaar opgelewer het, het die jong Matie daarin geslaag.

Sy heldedaad is in 1975 in die operationele gebied verrig toe hy met drie maande verlengde diensplig besig was. Hy dien sy land as tweede luitenant in die S.A. Veldartillerie.

'n Nuusverklaring wat deur Verdedigingshoofkwartier in Pretoria uitgereik is, meld dat tweede luitenant Prins dikwels etlike dae alleen en sonder hulp of beskerming gehelp het om verskeie observasieposte te ontplooi. Daarvandaan het hy dan waardvolle inligting oor vyandelike stellings en bewegings verstrek.

By geleenthed is hy en sy seksie vasgepen deur vuur van vyandelike skerpskutters. Te danke aan sy besielende en versigtige leiding – 'n gewonde makker ten spyt – het hulle daarin geslaag om te onttrek.

Later is hulle weer aangeval en een van die manne onder sy bevel is ernstig gewond. Hulle het onbeskerm inlyn van vyandelike vuur gelê, maar

lt. Prins het sonder aarseling en ingneming van wesenlike lewensgevaar na die gewonde beweeg en hom na veiligheid gedra onderwyl hewige vyandelike vuur om hom gewoed het.

"Hierdie kloekmoedige optrede en totale verontagsaming van lewensgevaar, het bewys dat hy 'n waardige ontvanger van die Honoris Crux is," lui die verklaring van VHK.



Tweede luitenant Michael Prins, huidige Matie en produk van Paul Roos-Gimnasium, ontvang die Honoris Crux van Suid-Afrika se minister van Verdediging, dr. P. W. Botha. Die foto is verlede jaar in November op Voortrekkerhoogte in Pretoria geneem toe medaljes vir dapperheid aan 36 van Suid-Afrika se krygshede oorhandig is.

**Deur bemiddeling van die F.A.K. se Skakelkomitee op Stellenbosch is vier kenners van die Afrikaanse kultuur vroeër vanjaar byeengebring om 'n kritiese beskouing van volksfeeste te doen. Hulle het padlangs gesels oor wat gedoen en wat uitgeskakel moet word om groter belangstelling vir volksfeeste onder alle ouderdomsgroepes te kweek. Die S.A.U.K. het die bespreking op band vasgelê en na redigering, is dit op 6 April in die program Rekenskap uitgesaai. Die programmeer was Gerhard Roux.**

deur

**Koos Oosthuysen**



“n Student se beswaar teen 'n volksfees was dat hy daar tóé-gespreek is!” – prof. W. P. Esterhuyse.

“Volksfeeste is tweeledig: nasionale feeste wat die hele staat se burgers aanspreek soos Republiekdag, en 'n volksfees wat die bevolkingsgroepes sou aanspreek as kultuurgemeenskappe t.w. Krugerdag, Geloftedag en Setlaarsdag,” – prof. D. J. Kotzé.

“Heldedag met sware toesprake en nog gewigtiger sprekers behoort eintlik 'n vrolike en aangename fees te wees. Die verband met president Kruger se verjaardag moet beklemtoon word. 'n Verjaardag is mos 'n feesdag!” – prof. F. C. Fensham.

“Ongelukkig ly die feeste gebrek aan vreugde – 'n swak reklame vir volksfeeste,” – prof. Bun Booyens.

Volksfeeste. Hieroor is daar die afgelope maande weer baie gepraat en geskryf, en dit was veral die aard van enkele toesprake wat verlede jaar op Geloftedag afgestek is, wat striemende kritiek uitgelok het.

Dit was dus gepas dat die F.A.K. Skakelkomitee op Stellenbosch die vier bekende hoogleraars van die U.S. en kenners van die kultuur van die Afrikaners wie se name hierbo vermeld is, genooi het om saam tydens 'n bespreking 'n kritiese beskouing van volksfeeste te lewer. En hulle het heelwat op die hart gehad . . .

Prof. Bun Booyens, hoogleraar in Afrikaanse kultuur- en volkskunde, het daarop gewys dat die woord volksfees uit twee dele bestaan: volk en fees. “Die volk is die gemeenskap wat deur gemeenskaplike faktore verbonde is en selfs emosioneel eenders voel. Ongelukkig ly die feeste gebrek aan vreugde – 'n swak reklame vir volksfeeste!”



**Prof. W. P. Esterhuyse**

## VOLKSFEESTE O

Prof. Booyens meen daar is geen nasie in die wêreld wat by ons kan kers vashou by plegtige feeste nie. “Hierin is ons die konings van die wêreld. Ons is bang wanneer mense vrolik is en spontaan opgetoe bly”.

Prof. Willie Esterhuyse, hoogleraar in filosofie, het hom by prof. Booyens aangesluit. “n Student se beswaar teen 'n volksfees was dat hy daar tóé-gespreek is! Dit moet 'n plek wees waar die kultuur nie soseer gehandhaaf nie as beléef en selfs geskep word”.

Prof. Charles Fensham, hoogleraar in Semitiese tale, het Geloftedag uitgesonder as 'n fees wat weens sy streng godsdienstige karakter ernstig gevier moet word. “Heldedag met sware toesprake en nog gewigtiger sprekers behoort eintlik 'n vrolike en aangename fees te wees. Die verband tussen 10 Oktober en president Kruger se verjaardag moet beklemtoon word. 'n Verjaardag is mos 'n feesdag! Moet dié dag nie selfs verruim word tot waar ook ander van ons volksgroepe hulle eie helde vereer nie?”


Prof. Fensham het vervolgens in herinnering geroep hoe hy in die Vrystaat Dingaansdag gevier het – vooraf 'n sosiale geleentheid, maar met die gewyde deel op 16 Desember. “Deur die sosiale karakter in te boet, ly die fees dodelike skade”.

Prof. D. J. Kotzé, hoogleraar in geskiedenis, het saam met prof. Fensham gestem. “Die hoeveelheid vermaak van vroeër dae was baie minder as vandag s'n. Wanneer die mense bymekaar gekom het, het hulle tydsam fees gehou. Vandag se mens probeer sy medemens vermy, hy soek stilte en rus. Tans sal hy dalk liever voor televisie na die feesprogram kyk eerder as om dit self by te woon”.

Prof. Kotzé beskou volksfeeste as tweeledig: nasionale feeste wat die staat se burgers aanspreek soos Republiekdag, en 'n volksfees wat tot die bevolkingsgroepes sou spreek as kultuurgemeenskappe t.w. Krugerdag, Geloftedag en Setlaarsdag.



Prof. F. C. Fensham



Prof. Bun Booyens



Prof. D. J. Kotze

## NDER DIE LOEP

Hy het vasgestel dat Dingaansdag die eerste keer in 1910 tot nasionale feesdag geproklameer is en met die eeu feesjaar van die Groot Trek in 1938 het dié fees sy hoogtepunt bereik. "Omdat die nasionale strewe van die Afrikaner sterk na vore getree het, neem politici 'n belangrike aandeel in volksfeeste en gee gewoonlik 'n ernstige toon aan die verrigtinge. Met verloop van tyd is die feeste deur die Afrikaner gemonopoliseer vir sy geestelike, politieke, kulturele en taalstryd en dit is ook moontlike redes vir die huidige ernstige toon."

Wat die deelname van Engelssprekendes aan die Geloftefees betref, het prof. Kotzé die mening gelug dat hulle selfs genooi moet word. Vir hom is dit baie belangrik dat by die slag van Bloedrivier 470 Afrikaners, drie Engelse setlaars, 59 Kleurlinge en 'n onbekende aantal Zoeloës wat vir Dingaan gevlug het, saam teen 'n gemeenskaplike vyand geveg het wat hulle ook as 'n despoot beskou het. "Nie dat ek hiermee wil sê al die vermelde groepe het aan die Gelofte deelgeneem nie, maar die punt van gemeenskaplike bande kan wel beklemtoon word – veral met die oog op die toekoms."

Prof. Esterhuyse het gesê hy dink nie hedendaagse jong mense het nog die lankmoedigheid om 1½ uur – soos hy in sy jeug ondervind het – na 'n toespraak te luister nie. Hy dink ook nie vandag se toesprake is van dieselfde gehalte as dié van die verlede nie.

Om sy punt te staaf, het hy vertel van 'n buurvrou wat hy by 'n volksfees raakgeloop het. Sy het haar kinders by haar gehad en hy wens haar toe geluk daarmee. Haar antwoord was: "Wag, moenie 'n fout maak nie. Ek het moeite om hulle in die kerk te kry. Nou bring ek hulle hierheen net om te bewys dat daar nog iets ergers as kerk is". Hy beklemtoon dat gehalte en bondigheid die sprekers op die hart gedruk moet word.

Om volksfeeste aantrekliker te maak, het prof. Fensham gepleit vir meer sosiale geleentheid. "Die feesgangers self moet geleentheid kry om met mekaar te verkeer".

Prof. Booyens het daarop gewys dat Geloftefees vroeër op sekere plekke as 'n gesellige dag op die 15e gevier is. "Die fees se sukses hang nie noodwendig af van die aantal mense wat dit bywoon nie. Die geestesgesondheid van 'n volk word gemeet aan die volk se skeppinge en prestasies wat dan self die inspirasie vir die feeste moet wees".

Prof. Kotzé soek by 'n volksfees geselligheid, persoonlike deelname en geestelike versterking, maar keur militêre parades op Geloftedag af. "Dit beklemtoon die mens se eie krag, terwyl die hele gedagte van Bloedrivier is dat 'n wonderwerk deur God teweeggebring is." Prof. Kotzé het voorts gesê Krugerdag se naam behoort Heldedag te word. "Dan kan dit een van ons grootste feesdae word want ons het 'n groot verskeidenheid helde".

Oor die vraag of 6 April, Van Riebeeckdag, weer 'n volksfeesdag moet word, het die vier professore se menings gewissel van 'n "baie belangrike dag" tot "jou geboortedag is tog die belangrikste dag in jou lewe".


'n Interessante vraag uit die gehoor – die vier hoogsleraars het hulle menings voor 'n uitgelese gehoor gelug – het gekom van mnr. Topper Conradie, registrator (akademies) van die U.S. Hy wou naamlik weet of daar nie weer na die datums van feesgeleenthede gekyk moet word nie. "Behalwe 6 April en 16 Desember hoef die ander nie op vaste kalenderdae te wees nie, maar kan verskuifbaar wees na geriefliker dae van die week soos wat op die oomblik die geval is met Setlaarsdag. Krugerdag val gewoonlik op uiterst ongerieflike dae tot groot nadeel van die dag self," het mnr. Conradie gesê.



Die brandewyn  
van hoogste reinheid

Oude Meester

Vir die man  
wat kwaliteit bo alles stel



OMB 280 A




## OUD-MATIE VIR SAUK NA LONDEN

'n Oud-Matie wat in die Swartland (Malmesbury) gebore en getoë is, sal van 1 Mei vanjaar gereeld uit Londen verslag doen vir die TV- en radio-nuusdienste van die S.A.U.K.

Carel Leonhardt, 37, (foto links) tans streekredakteur: Wes-Kaapland van die S.A.U.K., is aangestel as Londense nuusverteenvoerder in die plek van mnr. Neville Krige. Hy en sy gesin vertrek op 29 April na die Britse hoofstad. Hy sal minstens die volgende drie jaar daar werkzaam wees.

Mnr. Leonhardt het reeds 'n indrukwekkende loopbaan by die S.A.U.K. nuusdien agter die rug. Nadat hy die grade B.A. en Hons.(B.A.) op Stellenbosch verwerf het, het hy op 1 Maart 1963 diens aanvaar as verslaggewer in die nuusdien in Kaapstad. Op 1 Junie 1965 word hy bevorder tot subredakteur in die Kaapstadse nuuskantoor en sewe maande later oorgeplaas na die parlementêre nuusspan. Op 1 June 1968 word hy hoofsubredakteur in die parlementêre span. Toe hy net elf maande later in sy huidige pos as streekredakteur aangestel is, was hy maar 29 en die jongste in die geskiedenis van die S.A.U.K. nuusdien om só 'n senior pos te beklee.

Carel Leonhardt is getroud met mej. Joan Luttig, 'n Oud-Matienee - hulle paadjies het op die Akker gekruis. Die egpaar het drie kinders, Walter (8), Dawid (6) en Louisa (4).



## Landbouman van Jaar


'n Stellenbosser in merg en been, mnr. P. K. (dit staan vir Pieter Kolbe maar feitlik niemand weet dit nie) van der Merwe, is aangewys as Suid-Afrika se Landbouman van die Jaar vir 1976/77. Hy het die graad M.Sc. aan U.S. verwerf en was in 1935 'n Springbokatleet.

Mnr. "PK" van der Merwe se navorsingswerk en publikasies op die gebied van die landbou, het hom internasionaal bekend gemaak. Hy is tans tegniese adviseur en direkteur van die Rumevite-organisasie wat internationale belangheids gehad het.


## Franse vereer Meiring

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers (regs) en die Franse konsul in Kaapstad, mnr. G. Février (links) klink 'n glasie op die toe-kennung van 'n kultuurpenning, die Palms Académiques, deur die Franse regering aan prof. Eben Meiring, hoof van die departement Frans aan die Universiteit (middel).

Dié penning is by 'n geselligheid in die Rektor se onthaal-lokaal in die Langenhoven-sentrum deur mnr. Février aan prof. Meiring oorhandig uit erkenning vir die werk wat hy gedoen het ter bevordering van die Franse kultuur in Suid-Afrika. In 'n toespraak by dié geleenthed het prof. De Villiers gesê die verering van prof. Meiring is ook vir die Universiteit 'n eer.



# VAN ONS DONATEURS



Bo: Die departemente Insektekunde en Tuinbou het elk 'n spoggerige uitstalbos van Bayer S.A. se Landbouchemikaliëe-afdeling ontvang. By die kas wat 'n uitsalling in laasgenoemde departement huisves, is hier, v.l.n.r. mnr. P. J. Kriegler, streekhoof van dié firma se tegniese ontwikkelingsafdeling, en proff. D. K. Strydom, hoof van die departement Tuinbou, H. A. Louw, dekaan van die fakulteit Landbou, en H. J. R. Dürr, hoof van die departement Insektekunde.



Regs bo: Die voorsitter van Saambou-Nasionaal, mnr. G. J. van Zyl (links) oorhandig 'n tjek van R750 aan die Vise-rektor van die U.S., prof. Mike de Vries. Die geld is deur Saambou-Nasionaal geskenk vir die Universiteit se Eeufees-trustfonds. Die bouvereniging se plaaslike bestuurder, mnr. McDermid staan regs.

Die bestuurder van die Stellenbosse tak van Barclays Bank, mnr. W. J. du Plessis (links) oorhandig 'n tjek ten bedrae van R2 000 aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Barclays Bank het die geld geskenk vir die U.S. se Eeufeestrustfonds. Regs staan mnr. Sarel Etsebeth wat ook aan Barclays Bank verbonde is.



'n Tjek ten bedrae van R1 000 is verlede jaar deur die onderneming T & C Scientific Supplies (Edms.) Bpk. geskenk aan die fakulteit Natuurwetenskappe van die U.S. Hier oorhandig T & C Scientific Supplies se nasionale verkoopbestuurder, mnr. H. H. D. Hollemann die geld aan die Vise-rektor, prof. Mike de Vries. Die onderneming het vanjaar ook reeds R1 000 aan die fakulteit geskenk.

Regs: Mnr. Norman Woolf van S.A. Phillips (derde van regs) oorhandig 'n koopbewys vir R2 000 aan U.S. se Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke. Dit is die eerste van 'n jaarlike skenking van elektroniese meetapparaat vir die departement Elektrotegniese Ingenieurswese se laboratoria. By hulle is, v.l.n.r. mnr. Manfred Wiesner, Wes-Kaaplandse verteenwoordiger van S.A. Phillips, prof. Christo Viljoen, hoof van die departement Elektrotegniese Ingenieurswese, prof. J. W. R. de Villiers, dekaan van die fakulteit Ingenieurswese, en prof. Hanno Reuter, hoogleraar in elektrotegniese ingenieurswese.



Die dekaan van die fakulteit Landbou, prof. H. A. Louw (links), ontvang 'n tjek van R1 000 van United Macaroni Factories se bestuurder, mnr. B. R. Tickner, wat dié skenking namens Fatti's en Moni's oorhandig het. Die skenking is gedoen om die departement Genetika se navorsingswerk oor Macaroni-koring (Durham-koring) te steun.



